die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 379 • Maart 2025



# SKEPPING vs. EVOLUSIE



*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24*

LIG IN DUISTERNIS

Maart 2025 | No. 379

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Skepping vs. evolusie

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Schalk Strauss**
Die tuin sê iets van die Tuinier ........ **1**

**AMPTELIK** ........ **3**

**ONTVANG DIE WOORD**
**Dr. Ernst Viljoen**
In die begin ... ........ **4**

**HOOFARTIKEL**
**Dr. Hendrik Minnaar**
Hoe oud is die aarde regtig en waarom is dit belangrik? ........ **6**

**ARTIKELS**
**Prop. Pieter van Deventer**
Ses vier-en-twintiguurdae? ........ **10**
**Ds. Willem van Schalkwyk**
Die dood, erfsonde- en verlossingsleer:
Struikelblokke vir 'n kompromiebenadering ........ **12**
**Prof. Alwyn Swanepoel**
Oor die boute en moere van wetenskap ........ **14**
**Prof. Koos Adendorff**
Die verskil tussen die skeppingsverhale van Génesis 1 en 2 ........ **16**
**Pieter le Roux**
Die betroubaarheid van dateringsmetodes ........ **18**
**Ds. Adriaan Botes**
Kan die gapingsteorie die "afstand" tussen
Génesis 1:2 en 1:3 verklaar? ........ **20**
**Dr. Adriaan Odendaal**
Mikro- en makro-evolusie ........ **22**
**Charlotte Möller**
Wat het van dinosourusse geword? ........ **24**

**AKTUEEL**
Bestek: Bybelkenniseksamen ........ **8**
Lig in Duisternis-trofee ........ **11**
Gemeentenuus ........ **28**
Smeltoond: Robotte – 'n "hulp"? ........ **binne agterblad**

**IN DIE SPORE VAN GISTER**
**Dr. Pieter Mulder**
Ons vryheidsideaal en die geboorte van Israel ........ **34**

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Pieta Oosthuizen**
*Merry Christmas* ........ **35**

IN DIE VOLGENDE UITGAWE:

***Die wet van God***

**In die April-uitgawe bespreek ons die verskillende wette in die Ou Testament en hul relevansie vir Nuwe Testamentiese gelowiges.**

**VOORBLAD:** Die voorblad beeld die skeppingsleer teenoor die evolusieleer uit.

**REDAKSIE**
**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss
**Subredakteur**
Mev. C Möller
**Redaksielede**
Di. RK Combrink, EC Trollip, A Hough
**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za
**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**
**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
Makoustraat 516, Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint
**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Die tuin sê iets van die Tuinier

**Ds. Schalk Strauss**

"Isn't it enough to see that the garden is beautiful without having to believe that there are fairies at the bottom of it too?"[1] Só vra die wêreldberoemde natuurwetenskaplike verbonde aan die Universiteit van Oxford, professor Richard Dawkins in sy boek, *The God Delusion*. Hierin voer hy bewyse aan vir sy standpunt dat God nie bestaan nie. In 'n debat oor die bestaan van God,[2] gebruik professor John Lennox, wiskundige en Christenapologeet, ook verbonde aan die Universiteit van Oxford, hierdie einste stelling om die teendeel te bewys:

> *You do a brilliant job of getting rid of the fairies ... But when you see the beauty of a garden, in say a new college in Oxford, do you believe there is no gardener or no owner? That its sublime beauty has come about from raw nature by pure chance? Of course not!*

Die tuin-metafoor word as verwysing na die skepping gebruik. Lennox gebruik dit op briljante wyse om die swakplekke in die logiese gang van Dawkins se argument uit te wys. Geen tuin val uit die lug uit nie. Wie 'n tuin sien, aanvaar daar is 'n tuinier, want 'n tuin getuig van beplanning, ordening, beheer en versorging. Dit veronderstel die betrokkenheid van 'n intelligente wese. Dit is juis hierdie gedagte wat deur Dawid in Psalm 19:2 beklemtoon word wanneer hy in verwondering getuig: *Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.* Ook Paulus sluit hierby aan wanneer hy die Romeine daaraan herinner dat niemand onkunde oor God sal kan pleit nie, omdat *sy onsigbare dinge van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien* [kan] *word*. Die "tuin" sê in die eerste plek *dat* daar 'n Tuinier is, maar tweedens sê dit ook vir ons *hoedanig* die Tuinier is.

## Getuienis ten gunste van 'n Tuinier

In sy boek, *The Case for a Creator*, bied die ondersoekende joernalis, Lee Strobel, oortuigende wetenskaplike bewyse ter ondersteuning van die standpunt dat die skepping die handewerk van 'n intelligente Wese is. Deur enkele van hierdie bewyse, asook ander getuienis vanuit die natuurwetenskap hier te noem, behoort dit gou duidelik te wees dat die tuin (skepping) nie sonder 'n Tuinier kan wees nie – dit verkondig immers sy handewerke.

### *Kosmologiese bewyse*

Vroeër jare was die vooronderstelling by wetenskaplikes dat die heelal ewig en selfonderhoudend is. Hierdie veronderstelling word deur moderne wetenskaplikes ten gunste van die oerknalteorie verwerp. Sonder om die geldigheid van die oerknalteorie te beredeneer, is die belangrike aspek van hierdie nuwe denkrigting in die wetenskap dat dit tans algemeen aanvaar word dat die heelal soos ons dit ken, wel 'n definitiewe begin gehad het. Iemand soos professor William Lane Graig maak dan gebruik van die Kalam Kosmologiese Argument om aan te voer dat vir enige iets om te begin, daar 'n oorsaak nodig is.[3] Hierdie oorsaak is God.

1. Enige iets wat 'n begin het, het 'n oorsaak.
2. Die heelal het iewers 'n begin gehad.
3. Daarom volg dit logies dat daar 'n oorsaak vir die heelal moet wees.

Aangesien die oorsaak vir die ontstaan van die heelal buite tyd, ruimte en materie moet wees, veronderstel dit 'n almagtige, transendente[4] en intelligente Skepper, eerder as net 'n onpersoonlike krag.

### *Die antropiese beginsel*

Volgens die antropiese beginsel behoort alle teorieë oor die heelal ingeperk te word deur die noodsaaklikheid van menslike

1. Richard Dawkins, *The God Delusion* (New York: Mariner Books, 2008), 7.
2. https://bit.ly/4hQdeKS
3. William L. Graig, "The Kalam Cosmological Argument", https://bit.ly/3WSLFbY
4. Wat die grense van menslike ervaring oorskry.

lewe. Hierdie beginsel neem die feit dat die heelal menslike lewe huisves, as basiese vertrekpunt. Enige teorie waarvolgens menslike lewe in die heelal onmoontlik is, is dus ongeldig. Wetenskaplikes het ontdek dat daar sekere fundamentele fisiese konstantes is (bv. gravitasie, elektromagnetisme, atoomkragte, ens.) wat haarfyn gekalibreer is om lewe op aarde moontlik te maak. Selfs net die geringste afwyking van hierdie konstantes sou biologiese lewe onmoontlik maak. As die aarde byvoorbeeld groter of kleiner was, effens nader of verder van die son, of teen 'n hoek groter as 23,5° om die son gewentel het, sou geen lewe daarop moontlik wees nie. Verder moet die verhouding tussen elektrone en protone byvoorbeeld presies gebalanseerd wees tot 1 in $10^{40}$ om chemiese lewe moontlik te maak. As dit effens anders was, sou iets soos DNS nie kon vorm nie.[5]

### *Oorsprong van lewe: DNS en biochemiese kompleksiteit*

DNS kan beskryf word as 'n digitale kode wat enorme hoeveelhede inligting stoor – amper soos 'n rekenaar. Die kans vir selfs net 'n enkele proteïen om lukraak te vorm is 1 in $10^{74}$ ('n statistiese onmoontlikheid). Net soos wat niemand sal sê dat rekenaarsagteware die gevolg van toeval is nie, maar op die betrokkenheid van 'n sagteware-ingenieur dui, net so is dit onmoontlik dat komplekse inligting soos dié in DNS deur ongekontroleerde, natuurlike prosesse lukraak tot stand gekom het. Tereg vra professor Lennox: "If a simple book requires an author, how much more so does the language of life?"[6] Agter dit alles sit daar 'n Meesterbrein.

### *Biologiese kompleksiteit*

Sekere biologiese sisteme is so kompleks dat hulle onmoontlik geleidelik (deur 'n proses van evolusie) ontwikkel het. Alle tussenvorme sou niefunksioneel wees. Die oog is 'n goeie voorbeeld hiervan. Darwin het self erken dat dit baie moeilik is om die "ontwikkeling" van so 'n komplekse orgaan te verduidelik. Die bakteriese flagellum ('n mikroskopiese "buiteboordenjin" wat bakterieë aandryf) bestaan uit 'n menigte interafhanklike dele wat almal gelyktydig in plek moet wees om dit te laat beweeg.

### *Menslike bewussyn en immateriële verstand*

Dit is onmoontlik om die menslike bewussyn en verstand bloot aan die hand van natuurlike prosesse te begryp. As ons gedagtes en beredenering bloot die gevolg van biochemiese reaksies is, watter rede is daar dan om dit enigsins te vertrou? Die menslike bewussyn suggereer dat daar 'n immateriële, transendente verstand agter die mens se vermoë om te dink en sy morele bewustheid sit.

## Die tuin ontbloot die karakter van die Tuinier

Uit die enkele bewyse hier genoem, is God se vingerafdrukke in sy skepping so duidelik soos vetterige vingers op 'n skoon glas. Die skepping bevestig egter meer as net dát daar 'n Skepper is. Dit ontbloot ook vir ons iets van sy karakter. Deur die skepping te bestudeer, besef ons dat die Skepper van hierdie manjifieke meesterstuk nie soos ons kan wees nie. Hy is anders. Hy is heilig. Hy is transendent. As ons in verwondering oor die komplekse aard van die skepping staan, as ons dink oor die oorsprong daarvan, dan besef ons dat Hy almagtig moet wees. Inderdaad moet Hy die Een wees wat die waters met die holte van sy hand afmeet en die hemele met die span van sy hand (vgl. Jes. 40:12). Met militêre presisie getuig iets soos simmetrie en die onveranderlike wette van die natuur byvoorbeeld dat hierdie Skepper 'n ordelike Wese is. As die skepping sý handewerke is, dan moet Hy 'n Wese van besondere skoonheid en majesteit wees. Die komplekse samestelling van die skepping en die asemrowende balans wat daar in alles is, getuig van 'n intelligensie ver bo ons begrip, dit getuig van fyn beplanning, maar dit getuig ook van barmhartigheid, omgee en liefdevolle versorging. Skepsels wat geskep is om sy beeld te vertoon, wys op 'n persoonlike Skepper – Een wat kommunikeer, Een wat gemeenskap begeer, Een wat deur sy skepsels geken wil word.

## Wonder jy, of is jy in verwondering?

Miskien oortuig die argumente hier bo jou ten minste van die bestaan van 'n Skepper, maar leef jy steeds met die knellende vraag: Hóé het Hy geskep? In hierdie uitgawe hoop ons om hierdie vraag grondig vanuit die Skrif, met ondersteuning vanuit die natuurwetenskappe, te beantwoord wanneer ons die Bybelse skeppingsleer teenoor die evolusieleer stel. Mag hierdie uitgawe ons help om nie net kopkrappend oor die tuin te wonder nie, maar om uiteindelik verwonderd oor die Tuinier te wees.

---

5. Vir verdere voorbeelde van die haarfyn wyse waarop die skepping geprogrammeer is, lees gerus hierdie opsomming van dr. J.W. Richards: https://bit.ly/4ht7qHL
6. https://bit.ly/4hQdeKS

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Zacharias Janse van Rensburg (emeritus) na Petrus Steyn met beperkte dienstermyn.
- Prop. Dianlo Stoltz na Bethal, Grootfontein (Tvl.), Hoëveld-Ermelo, Kimberley-Die Kruis en Lichtenburg.
- Ds. Thys Müller (Middelburg Tvl.) na Christiana/ Vaalharts met beperkte dienstermyn.

### Beroepe aanvaar

- Ds. Zachy Janse van Rensburg (emeritus) na Petrus Steyn met beperkte dienstermyn.
- Ds. Thys Müller (Middelburg Tvl.) na Christiana/ Vaalharts met beperkte dienstermyn.

### Beroepe bedank

- Ds. Emilé Trollip (Coligny/Sannieshof/Ottosdal) na Pretoria-Oos
- Ds. Joubert Ferreira (Hoedspruit) na Potgietersrus en Pretoria-Oos.

## LERAAR BEROEPBAAR



Ds. Greyling van Rooyen het sy meestersgraad voltooi. Ná voltooiing daarvan is hy deur die Kuratorium beroepbaar gestel en kan weer deur gemeentes beroep word. Sy selnommer is 079 887 5107.

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums 2025

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskynings-datum |
|---|---|---|
| April 2025 | 13 Februarie | 24 Maart |
| Mei 2025 | 14 Maart | 24 April |
| Junie 2025 | 16 April | 26 Mei |
| Julie/Augustus 2025 | 8 Mei | 23 Junie |
| September 2025 | 10 Julie | 25 Augustus |
| Oktober 2024 | 15 Augustus | 25 September |
| November 2024 | 18 September | 27 Oktober |
| Des 2025/Jan 2026 | 15 Oktober | 25 November |

## CVO-SKOOLKWARTALE 2025

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April
Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## SKOOLKWARTALE 2025

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## Advertensietariewe 2025


| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Volkleur |
|---|---|---|
| 1/16 blad | 40 x 90 mm | R230 |
| 1/8 blad | 65 x 90 mm | R640 |
| 1/4 blad | 124 x 90 mm | R1 350 |
| 1/2 blad | 124 x 180 mm | R2 200 |
| Vertikale strook | 263 x 119 mm | R2 750 |
| Volblad | 263 x 180 mm | R3 650 |
| **BINNE-AGTERBLAD** | | |
| 1/2 blad | 148 x 200 mm | R4 880 |
| Volblad | 297 x 210 mm | R6 950 |
| **AGTERBLAD** | | |
| 1/2 blad | 148 x 200 mm | R4 900 |
| Volblad | 297 x 210 mm | R8 400 |

**BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:**
Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2025

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart** | Openbare vakansiedag |
| **18 April** | Goeie Vrydag |
| **20 April** | Paassondag |
| **21 April** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April** | Openbare vakansiedag |
| **28 April** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei** | Openbare vakansiedag |
| **29 Mei** | Hemelvaart |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **8 Junie** | Pinksterfees |
| **16 Junie** | Konsentrasiekampdag |
| **9 Augustus** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **26 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember** | Geloftedag |
| **25 Desember** | Christusfees |
| **26 Desember** | Openbare vakansiedag |

**Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.*



# In die begin ...

**Dr. Ernst Viljoen**[1]

**Lees:** Génesis 1:1-5; Johannes 1:1-5, 9-14; Hebreërs 11:3
**Sing:** Psalm 19:1-2; Gesang 243:1-3

Die Heilige Gees herinner ons in Hebreërs 11:3 dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is sodat die dinge wat gesien word, nie uit sienlike dinge ontstaan het nie.

Alles wat bestaan, moes iewers begin het. Om dit heel prakties te verduidelik: Kerkgeboue bestaan nie van ewigheid af nie. Op die een of ander stadium is dit noukeurig beplan en ingerig vir die doel waarvoor dit gebruik word. Dieselfde geld vir die heelal en alles wat bestaan.

Die son bestaan byvoorbeeld uit 'n klomp brandende heliumgas. Dit kon nie van ewigheid af daar wees nie, want anders sou dit mos al uitgebrand het. Dit kan ook nie tot in ewigheid daar wees nie, want dit is dan besig om uit te brand. Die Woord leer ons presies dieselfde van alle sterre en hemelliggame.

Daarom is dit so belangrik dat ons nie op loop moet raak met dit wat die wêreldse wetenskap of die evolusionisme ons wil wysmaak nie. Ons moet veel eerder let op die groot BEGIN wat God aan ons in die heel eerste vers van die Bybel openbaar.

### *In die begin het God ... geskape* (Gén. 1:1)

Die evolusionistiese wetenskap sê die heelal is miljarde jare oud. Dit is direk in stryd met God se Woord. As ons noukeurig na die geslagsregisters en tydsperiodes in die Bybel kyk, kom ons weldra agter dat die skepping slegs ongeveer 6 000 jaar gelede moes plaasgevind het.

**Voor dié tyd was daar absoluut niks, want die HERE sê vir ons dat Hy alles uit niks geskape het. Net God alleen is ewig!**

Hy het besluit hoe en wat Hy alles sou skape en het ses dae daarvoor gebruik.

Dat die skeppingsweek op 'n Sondag begin en dat Christene vandag die rusdag op Sondag vier, spreek boekdele. Sondag is ook die dag waarop die herskepping met Jesus Christus se opstanding uit die dood begin (vgl. ook Rom. 8:8 e.v.; Jak. 1:17-18; Openb. 14:4). Ons gaan in hierdie preek net op die eerste skeppingsdag konsentreer.

### Vier belangrike dinge is geskep

1 **Tyd:** God alleen is ewig; die skepping baie beslis nie! Net God is buite en bo die tyd. Daarom het God tyd ontwerp. Dit beteken dat vóór die begin waarvan Génesis 1:1 praat, daar geen tyd of tydsordening was nie.

2 **Ruimte:** God moes plek en ruimte maak vir alles wat Hy wou skep.

3 **Materie:** Om iets te maak, is materiaal en bestanddele nodig. God het al hierdie bestanddele uit niks geskape. Veral hoor ons dat Hy ontsaglik baie water geskep het. Die hele aarde was immers daarmee bedek. Die Gees van God het oor daardie watermassas gesweef. Dit was in totale duisternis gehul. Binne die volgende paar dae sou God, in sy volmaakte wysheid en almag, dit alles in 'n pragtige, leefbare aarde vir plante, diere en mense omskep. Maar daarvoor was lig nodig.

4 **Lig:** Alles was in duisternis gehul. Daarom het God lig vroeg op die eerste skeppingsdag voorsien. Let wel, hierdie lig was nie van die son afkomstig nie. Die son is eers op die vierde skeppingsdag geskape. Ons moet raaksien dat die Bybel

begin en eindig met ’n toestand waar lig nie van die son af kom nie. Jesus Christus is self die lig van die lewe (vgl. Joh. 1:4). Hy is van ewigheid af! Ook op die nuwe aarde sal die son nie meer nodig wees nie, want die Here Jesus self sal daar die lig wees (vgl. Openb. 21:23; 22:5).

Lig bepaal tyd. Die aarde draai immers in die rondte sodat telkens net eenkant daarvan op ’n slag verlig is, terwyl die anderkant donker is. Dit is hoe dag en nag ontstaan het. Só het God die eerste vier-en-twintiguurdag gemaak en terselfdertyd ’n manier geskep waarvolgens tyd gemeet kan word. Die dae was beslis vier-en-twintiguurdae en nie onbepaalde tydperke nie (vgl. Ex. 20:11).

### ’n Volmaakte Skepper en Ontwerper

Die evolusionistiese wetenskap wil ons dwaaslik probeer wysmaak dat tyd, ruimte, materie, energie en alle ander dinge hulself ontwerp en gemaak het, en toevallig in hul delikate ewewig en noodsaaklike plekke beland het sodat lewe op hierdie aarde moontlik kan wees. Dit is ’n wetenskaplike feit dat indien daar selfs net minder as ’n 0,5%-afwyking in hierdie skeppingsordening was, geen lewe op aarde moontlik sou wees nie.

Evolusioniste is dus so vermetel dat hulle nie die ewige, heerlike krag en Goddelikheid van God wil erken nie. In plaas daarvan gee hulle liewers die heerlikheid aan die geskape dinge self (vgl. Rom. 1:19-22).

Hoe kan enigiets homself noukeurig en doelmatig beplan en ontwerp voordat daardie ding nog bestaan het? Dit spreek tog absoluut vanself dat Iemand iets doelmatig moes ontwerp en maak. Wys my ’n dertigverdiepinggebou wat sommer vanself verskyn het. Daar moes tog ’n argitek en bouers betrokke gewees het.

Tog wil evolusionistiese wetenskaplikes ons oortuig dat daar geen Skeppergod is nie. Sekeres beweer selfs dat daar iets soos ’n oerknal – ’n massiewe ontploffing – plaasgevind het waaruit alles ontwikkel het. Waar het enigeen al ooit gehoor van ’n ontploffing wat alles netjies orden en op hulle regte plekke neersit? As ek ’n bom onder ’n hoop boumateriaal sit, is daar tog geen kans dat daardie klomp boumateriaal gaan neersif in ’n volmaak ontwerpte woonhuis nie.

God het nie ’n oerknal nodig nie. Hy is alwys en almagtig! Hy het uit die staanspoor geweet waarvoor en hoe Hy elke ding ontwerp en maak. Hy het nie nodig gehad om eers eksperimente te doen om te sien of dinge sal uitwerk nie. Hy het, en Hy sien steeds die einde reg van die begin af. Daarom doen Hy alles die eerste keer reg en goed.

### Waarom moet ons dit alles weet en glo?

Dit is nodig, omdat hierdie aarde en ons aardse lewens andersins die gekste, gevaarlikste en mees chaotiese ding in die ganse heelal sou wees. Niks sou seker wees nie. Jy sou elke dag en elke oomblik maar net angsvallig uitgelewer wees aan die toeval en ’n blinde noodlot.

God gee in sy Woord vir ons die enigste ware troos en lig en standvastigheid. Die Bybel is nie mensgemaakte mites of feëverhaaltjies uit die oertyd nie. Dit is en bly die betroubare en onfeilbare Woord van God. As mense die Bybel anders wil interpreteer om ruimte te probeer maak vir evolusie-idees, dan ondergrawe hulle die vaste fondament van ons hoop en die ontwyfelbare Christelike geloof van alle eeue.

In die Heidelbergse Kategismus (So. 9 en 10) bely ons:

> **“Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Christus, wat hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape het, wat ook deur sy ewige raad en voorsienigheid dit nog onderhou en regeer ter wille van sy Seun, Christus, my God en Vader is; op wie ek so vertrou dat ek nie twyfel nie dat Hy sal my met alles wat nodig is vir liggaam en siel versorg en ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal beskik, vir my tot heil sal beskik, omdat Hy dit kan doen as ’n almagtige God en ook wil doen as ’n getroue Vader.”**

Daarby bely ons ook in Sondag 10 dat Hy alomteenwoordig en, soos met die skepping, steeds in volle beheer van alle dinge is.

### Slot

Op hierdie allesoortreffende God en Vader – dié almagtige Skepper van hemel en aarde, verlaat ons ons. As ons ons moes verlaat op die chaotiese warboel waarin die evolusionistiese wetenskap ons dompel, dan was ons ellendiger as alle ellendigheid self!☺

1. Uit: E.M. Viljoen, *Want in ses dae* (Pretoria: Lig in Duisternis Uitgewers: Pretoria, 2010). Redaksioneel verkort.

HOOFARTIKEL



# Hoe oud is die aarde regtig *en waarom is dit belangrik?*

DR. HENDRIK MINNAAR[1]

**Die idee dat die aarde miljoene jare oud is, het algemeen gevestig geraak en binne die kerk blyk daar 'n gevoel te wees dat dit nie regtig saak maak nie. Saam met hierdie gevoel gaan 'n onsekerheid of die gebeure, soos beskryf in die eerste hoofstukke van Génesis, letterlik verstaan moet word.**

Die vestiging van die bovermelde idee is grootliks te wyte aan die invloed van 'n naturalisties-gebaseerde wetenskap wat nou, bykans 200 jaar sedert die wetenskaprevolusie van die 17de en 18de eeu, oorheersend wêreldwyd beoefen word. Hierdie soort wetenskap is gebaseer op 'n ateïstiese lewensbeskouing wat van die veronderstelling uitgaan dat daar geen God is nie. Wetenskaplike getuienisse, ook dié aangaande die verlede, kan dan net geïnterpreteer word in terme van waarneembare natuurlike prosesse.

In teenstelling hiermee staan Christelike wetenskapsbeoefening, wat getuienisse aangaande die aarde se verlede op grond van die Bybel interpreteer. Niemand kan die verlede waarneem nie en die wetenskap, wat gebaseer is op empiriese waarneming, kán eenvoudig nie die waarheid oor die aarde se niewaarneembare verlede bied nie. Die kwessie oor die ouderdom van die aarde, en inderdaad die hele skepping-evolusie-debat, is ten diepste nie tussen geloof en die wetenskap nie, maar tussen verskillende gelowe.

Tydens die wetenskapsrevolusie was daar in die geologiese wetenskap 'n stryd tussen naturaliste soos James Hutton (1726-1797) en Charles Lyell (1797-1875), wat geologiese getuienisse in terme van uniformitarisme[2] verklaar het, en Bybelgelowiges soos William Buckland (1784-1856), wat dieselfde getuienisse in terme van die Bybelse sondvloed verklaar het. Veral Lyell was 'n onwrikbare uniformitaris wat dit ten doel gehad het om geologie "te bevry van Moses", soos hy dit per geleentheid in 'n brief uitdruk.[3] Vir hierdie vroeë 19de-eeuse naturaliste was die hoofoogmerk allereers om enige verwysing na God en die Bybel uit die wetenskap te weer.

Meer onlangs het Stephen J Gould, 'n toegewyde evolusionis, dit soos volg uitgedruk:

> **"... uniformitarianism was useful only when science was debating the status of the supernatural in its realm ... It was useful for those who, as Lyell, needed a guide to combat what we now consider**

**unscientific notions of divine intervention ... Their battle has been won ... The term today is an anachronism ...”[4]**

Gould gaan dus so ver om te erken dat uniformitarisme vandag ’n anachronisme is, en nie meer van toepassing nie. Opvallend is die feit dat dit vir hom geen implikasies inhou nie. Dit toon die gesindheid van ’n ateïstiese wetenskapsbenadering, naamlik dat grondige wetenskaplike beginsels ondergeskik is aan ’n voorafgaande, blindelingse ontkenning van God se bestaan. Die naturaliste het egter inderdaad die stryd destyds gewen. Vroeë 19de-eeuse geoloë het begin om die fossieldraende sedimentêre strata in tydperke van miljoene jare in te deel en so is die idee dat die aarde miljoene jare oud is, vroeg in die beginjare van die moderne wetenskap gevestig. Vandag is daardie idee die resultaat van bykans 200 jaar se ateïsties-naturalistiese wetenskapsbeoefening.

Min dinge illustreer die invloed van ’n mens se lewensbeskouing op jou interpretasie van getuienisse so treffend soos die verskillende interpretasies van die fossieldraende sedimentêre strata. Ironies genoeg was dit juis hierdie strata wat destyds gebruik is om ’n ouderdom van miljoene jare vir die aarde aan te dui. Bybelgelowige wetenskaplikes sien egter hierin die mees ooglopende getuienisse vir die sondvloed. Die strata bestaan uit gesteentes wat oorspronklik deur water afgeset is, die kontinente wêreldwyd bedek het, kilometers dik en sywaarts aaneenlopend is, selfs oor oseane heen, en besaai is met die oorblyfsels van dooie plante en diere wat as fossiele behoue gebly het. Vele ander geologiese getuienisse spreek ook van die sondvloed, as ’n mens deur ’n Bybelse eerder as ’n ateïsties-naturalistiese bril daarna kyk.

**Die sondvloed het net een jaar geduur, maar bied ’n verklaring vir feitlik alle getuienisse waarop die miljoene-jare-evolusieleringe berus.**

Die Bybelgelowige wetenskaplike, Don Batten, gee ’n lys van 101 empiriese wetenskaplike getuienisse dat die aarde en heelal nie miljoene jare oud kan wees nie.[5] Hierdie lys is saamgestel uit die werk van verskeie Bybelgelowige wetenskaplikes en kan verder uitgebrei word. Die metode wat deurgaans deur Bybelgelowiges gebruik word om ’n ouderdom vir die aarde vas te stel, is om die Bybelse geslagsregisters in Génesis 5:1-32, Génesis 11:10-32 en Lukas 3:23-38 te gebruik, tesame met gegewens oor die geskiedenis van Israel. Hierdie metode is onder andere gevolg deur die Kerkhervormers Martin Luther (1483-1546) en Philip Melanchton (1497-1560), die sterrekundige Johannes Kepler (1571-1630), aartsbiskop James Ussher (1581-1656), en die fisikus Isaac Newton (1643-1727).

Nog ’n Bybelgelowige wetenskaplike, Jonathan Sarfati, het onlangs op dieselfde manier die ouderdom van die aarde vir die jaar 2024 bepaal as 6 202, plus of minus 50 jaar.[6] Dit stel die sesde skeppingsdag, toe Adam geskape is, op 4178 v.C., die sondvloed op 2522 v.C., die lewe van Abraham rondom 2000 v.C., die einde van die Babiloniese ballingskap op 538 v.C., en die koms van Jesus Christus 2 025 jaar gelede. Ons leef tans in die tyd van die uitbreiding van die kerk wat met die wederkoms van Christus tot ’n einde sal kom. Hierdie is die vasgestelde, voorafbepaalde tydlyn van die skepping, soos afgelei kan word uit die betroubare Woord van die Skepper daarvan.

Daar is verskeie redes waarom die waarheid oor die ouderdom van die aarde saak maak. Eerstens handel dit oor die betroubaarheid van die Bybel. As die waarhede van die Bybel nie in die eerste vers begin nie, waar begin dit dan? Is die eerste hoofstukke van die Bybel net nog filosofieë en mitologieë soos al die ander, geskryf deur “oningeligte” antieke skrywers wat nou aangepas moet word omdat die wetenskap uiteindelik ver genoeg gevorder het? Kenners van die Hebreeuse taal is dit allerweë eens dat die eerste hoofstukke van die Bybel deur die outeur bedoel was om as werklike geskiedenis verstaan te word.[7] Moses was die outeur van Génesis. Die gebeure is deur God self aan hom geopenbaar, waarskynlik gedurende die 40 jaar van Israel se woestynswerftog. Die eerste hoofstukke is aaneenlopend

1. Lidmaat van die AP Kerk Bloemfontein Moedergemeente en dosent in geologie aan UV.
2. Die wetenskaplike beginsel waarvolgens geologiese gebeure in die verlede verklaar kan word deur dieselfde natuurlike, langsame prosesse soos ons dit vandag waarneem.
3. E. Bailey, *British men of science: Charles Lyell* (London: Thomas Nelson and Sons, 1962), 77-78.
4. S.J. Gould, “Is uniformitariansim necessary?” in *American Journal of Science* (1965), 163, 223-8.
5. https://creation.com/age-of-the-earth. Toegang: 19 November 2024.
6. J.D. Sarfati, *The Genesis Account* (Creation Book Publishers, 2015), 1056.
7. J.A.E. Adendorff, *Génesis: Die Boek van Oorspronge* (Pretoria: Lig in Duisternis Uitgewers, 2019), 118.

met die latere geskiedenis van Israel en daar is geen onderbreking of verandering in genre in die geskiedskrywing nie. Die sesdaagse skepping, sondeval van die mens, die sondvloed as God se oordeel oor die sonde en die taalverwarring by Babel as oorsprong van verskillende tale en volke, is alles as werklike geskiedkundige gebeure opgeskryf.

Die eerste hoofstukke van Génesis as ware gebeure, is die fondament vir die evangelie van Jesus Christus. As Adam en Eva nie regtig die eerste twee mense was wat werklik in sonde geval het nie, is daar geen verklaring vir die oorsprong van sonde in die ganse mensdom en daarmee saam, die oorsprong van lyding en dood nie. Daar is dan geen noodsaak vir 'n Verlosser en hoop op verlossing nie. Miljoene-jare-evolusieleringe ken geen God nie. Dit skryf lyding en dood toe aan natuurlike prosesse en bied geen hoop op uitkoms nie, aangesien dit nie die begrippe "sonde" en "verlossing" ken nie. Dit roep op tot 'n lewe van oneer, losbandigheid en geweld, aangesien daar geen Oppergesag is aan wie verantwoording gedoen moet word nie. Teïstiese evolusieleringe, wat beweer dat God deur middel van evolusie geskep het, blameer God vir al die lyding en dood in die wêreld, aangesien die gewaande proses van biologiese evolusie noodwendig met lyding en dood gepaard moet gaan.

**In teenstelling hiermee leer die Bybel duidelik dat alles wat God geskape het, baie goed was voor die sondeval (vgl. Gén. 1:31) en dat die dood die gevolg van die sondeval was (vgl. Rom. 5:12).**

Génesis is die boek van oorspronge. Hieruit weet ons waar alles in die heelal en op aarde vandaan kom. Nie alleen dit nie – ons leer onder meer ook die oorsprong van die twee geslagte, man en vrou, en die huweliksband tussen hulle. Dit gee ook die oorsprong van 'n sesdaagse werksweek en een dag van rus. Hierdie is nie toevallighede of sosiale resultate van miljoene jare se evolusie nie, maar verordeninge van die Skepper wat vir die hele mensdom goed is om na te volg. Vir sy kerk beteken afwyking hiervan gelykwording aan die wêreld.

Génesis bied 'n volledige beskrywing van alles wat vir die mens nodig is om te weet oor die oorsprong en geskiedenis van die aarde. Die aarde se ouderdom kan direk hiervan afgelei word en die waarheid oor die ouderdom, kan nie losgemaak word van die waarheid oor die gebeure wat beskryf word nie. Die wetenskap is van geaardheid nie in staat om hierdie waarhede te ondersoek of uitsprake daaroor te lewer nie. Daar behoort in die kerk geen onsekerheid of verwarring oor hierdie sake te wees nie, aangesien dit deel is van die evangelie wat mense na die enigste ware Woord en Verlosser kan lei.

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2025


| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 6-9; Exodus 12 | Matthéüs 21-23 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Númeri 22-24 | Lukas 4-5; Johannes 10-11 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Rut 1-4 | Handelinge 4-6; Filippense 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 8-10; 1 Konings 3 | 1 Thessalonicense 1-5 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Levítikus 1-3; Nehemía 1-4 | Jakobus 4-5; 1 Petrus 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 4-6; Jes. 12-14 | 1 Johannes 1-3 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Hoséa1-3; Joël 1-2; Job 5 | Efésiërs 1-2; Hebreërs 5-6 | Les 1-9 (nuwe boek) |
| **Graad 11** | Miga 1-3; Nahum | Romeine 9-11; 2 Korinthiërs 1-3 | Les 1-9 (ou of nuwe boek) |
| **Belydende lidmate** | Exodus 32-34; Nehemía 1-4 | Hebreërs 11-13; Openbaring 5-8:2 | NGB: Artikels 30-32 |


# MIGA, DIE PROFEET (Leidrade: Miga 1:1-2:12; vgl. ook 2020-vertaling)

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR

## KODELETTERS

Elke letter word deur 'n bepaalde syfer verteenwoordig. As E = 4, sal al die blokkies met 4 dus E's wees. 'n Leidraad word gegee. (Ps. 52:11)



## DWARS

1. Sterk wens wat lei tot roof (2:2)
4. Koning van Juda (1:1)
9. Om vloeibaar te word (1:4)
11. Opsetlike onwaarheid praat (2:11)
12. Die valleie wat oopskeur (1:4)
13. Hulle moet luister (1:2)
15. Iets hierdeur teweeggebring (1:5)
19. Gesagsposisie (2:1)
21. Hulle vorm deel van vrugbaarheidsgodsdiens (1:7)
24. Rampe en ongeluk (2:3)
25. Verontregting (2:1)
26. Persoon wat bewys lewer (1:2)
27. Skuins stand of ligging (1:4)
28. Teken van bittere rou (1:16)
29. Roofvoël met kaal kop (1:16)
30. Profeet uit dorpie Moreset (1:1)
31. Hulle word blootgelê (1:6)
32. Ongeregtighede van Israel (1:5)

## AF

1. Hul smelt weg voor God (1:4)
2. Sonder twyfel, vir seker (2:12)
3. Blyplek (2:10)
5. Plek wat verower word (1:14)
6. Blootvoets as teken van rou (1:8)
7. Dui op "al die inwoners" (1:2)
8. Trane stort in verdriet (1:8)
10. Oorsprong van Sion se sonde (1:13)
14. Roofdiere wat tjank (1:8)
16. Godspraak teen dié stad (1:1)
17. Ongeneeslike besering (1:9)
18. Magsmisbruik (2:2)
20. Hoofstad van die Suidryk (1:5)
22. Rommel van bouwerk (1:6)
23. Om te weeklaag (1:8)
26. Uitgedien, verby (2:4)
27. Die aarde se hoë plekke (1:3)



# Ses vier-en-twintiguurdae?

**Prop. Pieter van Deventer**[1]

*Illustrasies deur Ester van Deventer*



Dit is geen geheim nie dat die teorie van evolusie by verre die mees populêre teorie vir die oorsprong van die mens is. Die films en reekse wat ons kyk, die handboeke wat kinders by skole gebruik en bykans alle hoofstroom akademiese instansies, aanvaar evolusie asof dit algemene kennis is. Dit is dus verstaanbaar dat sommige Christene sal probeer om Génesis 1-2 met evolusie te versoen. Een van hierdie pogings staan bekend as die "dag-era-teorie". Mense wat hierdie teorie aanhang, sê dat die ses dae waarvan Génesis 1-2 praat, eerder as ses tydperke (eras) verstaan moet word, wat baie langer as 24 uur geduur het. Op hierdie manier is dit makliker om die Bybel met die "miljoene jare" waarvan evolusie praat, te versoen.

Hierdie artikel wys egter dat die dag-era-teorie nie met die Hebreeus van Génesis 1-2 versoen kan word nie. Die eenvoudigste manier om Génesis 1-2 se ses dae te verstaan, is dat dit van letterlike vier-en-twintiguurdae praat.

### *Jom*

Die Hebreeuse woord vir "dag", wat herhalend in Génesis 1-2 gebruik word, is יוֹם (*jom*). Hierdie woord kan op drie verskillende maniere gebruik word:[2]

1. 'n Beskrywing van die tydperk van daglig (oggend tot aand).
2. 'n Beskrywing van 'n vier-en-twintiguurdag (dag en nag).
3. 'n Beskrywing van 'n langer tydperk ('n era).

Die Hebreeuse *jom* stem in hierdie opsig ooreen met die Afrikaanse "dag." Wanneer jy 'n mooi sonsondergang bekyk, kan jy sê: "Vandag was 'n lekker dag!" verwysend na die tydperk vandat die son opgekom het totdat hy gesak het. Jy kan ook 'n week voor jou verjaardag sê dat jou verjaardag "nog sewe dae" weg is, verwysend na sewe vier-en-twintiguurdae. Jy kan egter ook, as jy 'n bietjie ouer is, vir jongmense vertel hoe anders die wêreld "in jou dag" was, verwysend na 'n tydperk wat langer as 24 uur geduur het.

Die manier hoe jy "dag" in enige van bogenoemde voorbeelde sal interpreteer, hang van die konteks af. Net so ook in Hebreeus: Die betekenis van *jom* moet uit die konteks afgelei word. Die blote feit dat hierdie woord na 'n langer tydperk as 24 uur kan verwys, beteken nog nie dat dit die ware betekenis in Génesis 1-2 is nie. Dit is dus nodig om te kyk na die direkte konteks waarin hierdie woord gebruik word.

### "Ses dae" in Génesis 1-2

Génesis 1:1-2:3 beskryf hoe God geskep het. Ses keer word *jom* gebruik om te praat van 'n tydperk wat verbygegaan het waarin God geskep het. In Génesis 1:5, 8, 13, 19, 23, 31 lees ons herhaaldelik: *En dit was aand en dit was môre, die* [soveelste] *dag*. Baie duidelik leer die Bybel ons dat God in ses afsonderlike "dae" geskep het. Die vraag is egter: Hoe lank was hierdie dae?

Iemand wat die dag-era-teorie aanhang, verstaan *jom* in hierdie gedeeltes as 'n lang tydperk (die

derde betekenismoontlikheid wat gegee is). Die probleem is egter dat die beskrywing van elke afsonderlike dag gepaardgaan met die uitdrukking "en dit was aand en dit was môre" wat beter by ses vier-en-twintiguurdae pas (die tweede betekenismoontlikheid wat gegee is). Hierdie kombinasie van *jom* met die beskrywing van 'n "aand" en 'n "môre" wat verbygegaan het, ondersteun beslis die idee dat dit oor gewone vier-en-twintiguurdae handel.

Gevolglik is Hebreeuse taalkundiges, ongeag hul godsdienstige agtergrond, bykans eenstemmig daaroor dat die outeur van Génesis 1-2 van ses vier-en-twintiguurdae praat.[3] Om hierdie ses dae dus as ses eras te verstaan, druis nie net teen die konteks in nie, maar ook teen antieke Hebreeuse taalkunde. Die dag-era-teorie kan nie evolusie met die Bybel versoen nie.

### Dit is belangrik!

Christene moet wetenskap ernstig opneem en die argumente wat ten gunste van evolusie gemaak word, ernstig oorweeg. Dit is nie 'n goeie idee om ons koppe in die sand te druk en te maak asof ons glad nie omgee oor fossiele of koolstofdatering nie. Maar ons moet ook nie skaam wees oor wat die Bybel duidelik leer nie. Génesis 1-2 praat duidelik van ses vier-en-twintiguurdae. Ons wêreld dink dit is belaglik, maar van wanneer af steur ons ons aan 'n wêreldse maatstaf?

1. Lidmaat van die AP Kerk Cullinan-Rayton.
2. P.A. Verhoef in W.A. VanGemeren, *New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis, Volume 2* (Grand Rapids: Zondervan Publishing House, 1997).
3. J. Davis, "Hebrew Scholars: 24-Hour Days in Creation" (2012). Beskikbaar by: https://bit.ly/4hClqx9

# Lig in Duisternis-trofee
## vir Bybelonderrig en Bybelkennis



*Jaco Duvenhage en Barend van den Berg*

Die BCVO-glansgeleentheid het Saterdag 18 Januarie 2025 plaasgevind. Dit is 'n geleentheid waar die beste presteerders van die gr. 12-eindeksamen in elke vak erkenning kry.
Jaco Duvenhage het die Lig in Duisternis-trofee vir Bybelonderrig en Bybelkennis aan Barend van den Berg van CVO-skool Pretoria oorhandig. Barend ontvang ook 'n kontantprys en die die boek, *Ewige beginsels om suksesvolle kinders groot te maak.*

"Hierdie boek dwing jou om ernstige vrae oor jou eie standpunte en optrede te vra. Yavor gaan jou uitdaag met betrekking tot temas soos waagmoed en persoonlike verantwoordelikheid, risiko's en werksetiek, die rol van die regering en belasting. Hierdie publikasie deurklief selfs die intellektuele seepborrels van burokratiese sosialisme, moderne feminisme, verbruikersmentaliteit en die mite van 'n gratis middagete."

**– Stoyan Panchev, stigter en voorsitter van die Bulgaarse Libertynse Gemeenskap**





# *Die dood, erfsonde- en verlossingsleer:* Struikelblokke vir 'n kompromiebenadering

**Ds. Willem van Schalkwyk**[1]

Daar bestaan 'n al groter neiging onder Christene in ons land – en veral onder gereformeerdes – om sondige, wêreldse sake Bybels te probeer regverdig. Ons tref kompromieë tussen die Bybel en ons leefwêreld sodat ons tog in voeling kan bly met die veranderende wêreld. Wat die evolusieteorie betref, is dit nie anders nie.

In hierdie artikel gaan ons wys dat 'n kompromiebenadering ten opsigte van die evolusieteorie, Bybels onhoudbaar is. Meer nog, met hierdie artikel sal gepoog word om die hart van die evolusieteorie uit te ruk.

### Gemeenskaplike vertrekpunt

Voordat oor die evolusieteorie gepraat word, is dit nodig om eers 'n gemeenskaplike vertrekpunt te kry. Soos so baie sake in die lewe, word jou standpunt oor die evolusieteorie deur jou Skrifbeskouing bepaal:

- Is die Bybel vir jou Woord van God?
- Aanvaar jy onvoorwaardelik wat daar staan?
- Is die Bybel vir jou dié bron waaruit jy alle ander inligting beoordeel?
- Kan jy onbevange luister na wat die Bybel leer, en dán na die wetenskap gaan en die waarheid daarvan toets?

Wanneer ons dít kan doen, kan ons werklik eerlik en opreg hoor wat die Bybel oor evolusie leer.

### Kern van die evolusieteorie

Die evolusieteorie staan hoofsaaklik op twee bene: tyd en dood. Oor duisende miljoene jare sou lewelose materie lewend geword en deur genetiese mutasies en natuurlike seleksie, ontwikkel tot die groot verskeidenheid van lewe wat op aarde bestaan. Hierdie ontwikkeling het na bewering meer as 4 000 miljoen jaar gelede begin. Die mens het egter eers in die laaste 4 miljoen jaar op aarde ontwikkel.

**Die primêre bewysstuk vir hierdie teorie, is die fossielrekord. Wat belangrik is om hier raak te sien, is dat die fossielrekord tyd en dood veronderstel. Met die eerste oogopslag word dit duidelik dat daar duisende miljoene jare verloop het vandat die eerste lewe op aarde verskyn het totdat die mens ontwikkel het – die mens staan bo-aan die fossielrekord.**

Máár, die fossielrekord veronderstel ook dood vir duisende miljoene jare. Dit is belangrik om te verstaan: Vir iets om te fossileer, moet dit eers doodgaan. Die evolusieteorie veronderstel dus dood, tragedie, siekte en rampe, duisende miljoene jare voordat die mens op aarde was.

### Die kompromiebenadering

Christene probeer nou hierdie teorie met die Bybel versoen. Daar word bloot net aanvaar dat die fossielrekord waar is en, sonder om Bybels te dink, word daar beweer dat God deur die proses van evolusie geskep het. Hy het nie in ses dae geskep nie, maar eerder in ses stadia (tydperke). Elke skeppingsdag was eintlik miljoene jare. Want, sê hulle, vir die Here is een dag soos 'n 1 000 jaar en 'n 1 000 jaar soos een dag.

### Dood, erfsonde en verlossing

Die evolusieteorie werk met die voorveronderstelling dat daar van die begin af dood in die wêreld was – nog voordat die mens op aarde was. Dit is dus nodig om te verstaan wanneer dood die wêreld ingekom het.


Die evolusieteorie veronderstel 'n gebroke, sondige aarde. Génesis 1 leer egter dat God se skepping van die begin af volmaak was (vgl. Gén. 1:31). God het die mens na sy beeld geskape (vgl. Gén. 1:27). Daar was nie dood nie – die mens is nie eens toegelaat om diere dood te maak om daarvan te eet nie (vgl. Gén. 1:29). Ná die sondeval (Gén. 3) het die dood egter die

wêreld ingekom (vgl. Rom. 5:12). Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring (vgl. 1 Kor. 15:21-22).

Hierdie en soortgelyke tekste ruk die hart van die evolusieteorie uit, want as daar nie dood vóór Adam op aarde was nie, is die fossielrekord nie moontlik nie en die evolusieteorie 'n bedrogspul. Hier moet 'n besluit geneem word: Óf Romeine 5:12, óf die fossielrekord. Albei kan nie waar wees nie.

Die onhoudbaarheid van die evolusieteorie raak egter groter. Die voorveronderstelling van dood op die aarde, maak die leer van die erfsonde onmoontlik. Daar word geredeneer dat die oermens nie 'n siel gehad het nie en dat hy dus onvolmaak en vol sonde was. Die vraag wat die sogenaamde Christen-evolusionis moet antwoord, is: Wanneer het die oermens genoeg ontwikkel dat God besluit het om aan hom 'n siel te gee? Wanneer in die miljoene jare van die mens se ontwikkeling op aarde, het hy sondeloos geword sodat Romeine 5:12 waar kan wees? Die feit is dat die evolusieleer in die pad van die leer van die erfsonde staan. Romeine 5:12 leer dat Adam se sonde deur voortplanting aan sy nageslag oorgedra is en as Adam nie die eerste mens op aarde was nie, waarom lieg die Here dan in Romeine 5?

Wat meer is, evolusie veronderstel dood vóór die sondeval, maar die Bybel leer dat dood die straf op die sonde van die mens is.



*Geologiese tydskaal (fossielrekord)*

Romeine 6:23: *Want die loon* [straf] *van die sonde is die dood.* As daar nie 'n sondeval was nie, het ons mos nie redding nodig nie. God se reaksie op die sonde van Adam was om sy Seun te beloof. As die evolusieteorie waar is, beteken dit dat Génesis 3 nie waar is nie.

## Ons moet Bybels oor die saak dink

As dood nie die straf op die sonde is nie, waarom leer die Bybel dan dat die tweede Adam (Christus) moes kom regmaak wat die eerste Adam opgemors het (vgl. Rom. 5:12-21)? As dood nie die straf op die sonde is nie, waarom moes Christus kom om die mag van die dood te verbreek? Waarom moes Hy die straf op ons sonde kom dra? Dan is die dood mos nie die laaste vyand wat verslaan moet word, soos wat 1 Korinthiërs 15:26 leer nie. Hierdie saak raak die hart van die evangelie – jy kan nie 'n Christen-evolusionis wees nie!

**Nog meer:** As Adam se sonde nie die dood in die wêreld ingebring het nie – dit bestaan van altyd af – dan is Christus se opstanding uit die dood betekenisloos en kan dit nie vir ons die ewige lewe bewerk nie.

**Dink hieroor:** As die aarde nog altyd vol sonde en dood was, as dit is hoe God dit aanvanklik gemaak

1. Leraar van die AP Kerk Heilbron.

Vervolg op bl. 27 »



# Oor die boute en moere van wetenskap[1]

**Prof. Alwyn Swanepoel[2]**

**In die moderne samelewing bestaan daar dikwels 'n triomfantelike siening van wetenskap as 'n suiwer rasionele onderneming, gedryf deur logika, feite en objektiewe waarneming. Hierdie siening, wat teruggevoer kan word na die positivisme van Auguste Comte, beweer dat slegs dit wat *le fait positif* is, dit wil sê, empiries waargeneem en getoets kan word, as wetenskap sou kwalifiseer. Ondanks hewige kritiek, het hierdie idee steeds groot invloed op akademiese en populêre denke en moet dit in die soeklig kom.**

## Karl Popper: Kritiek op die naïewe wetenskapsbeskouing



Karl Popper, 'n invloedryke wetenskapsfilosoof, het in 1934 met sy werk *Logik der Forschung* (later vertaal as *The Logic of Scientific Discovery*), fundamentele kritiek op die positivistiese siening van wetenskap uitgespreek. Hy het aangetoon dat geen wetenskaplike waarneming volkome objektief is nie, aangesien alle waarnemings reeds deur 'n sekere perspektief en verwagting gekleur word. Sy belangrikste insigte sluit in:

- Wetenskap moet met vrae en toetsbare hipoteses werk. Daar is geen absolute, finale waarheid in wetenskap nie.
- Geen wetenskaplike teorie kan absoluut bewys word nie, maar dit kan wél weerlê word. 'n Enkele teenstrydige waarneming is genoeg om 'n bestaande teorie in twyfel te trek. Daarom werk die wetenskap grondliggend met falsifikasie, eerder as verifikasie.

Popper se denke het 'n wesenlike impak op die ontwikkeling van wetenskapsfilosofie gehad, en gehelp om minder naïef daaroor te wees.

> **Hy bly 'n belangrike baken vir 'n meer kritiese, selfkorrigerende benadering tot wetenskaplike ondersoek, wat ook meer uitdagende vrae aan die evolusiehipotese kan stel.**

## Thomas Kuhn: Die dinamika van modelle en paradigmas



Thomas Kuhn het 'n ander invloedryke perspektief op wetenskaplike vooruitgang aangebied. Hy het geargumenteer dat wetenskap nie net 'n lineêre opbou van kennis is nie, maar eerder 'n proses wat soms deur drastiese paradigmaverskuiwings gevorm word, en waarin daar in 'n totaal nuwe rigting beweeg word as wat verwag is. 'n Paradigma is 'n stel aannames, metodes en riglyne wat bepaal hoe 'n bepaalde wetenskaplike era sy navorsing benader.

Volgens Kuhn funksioneer wetenskaplikes binne 'n gevestigde paradigma totdat 'n kritiese massa van anomalieë – waarnemings wat nie binne die bestaande model verklaar kan word nie – tot 'n wetenskaplike revolusie lei, wat dan 'n nuwe paradigma of model skep.

Belangrike punte uit Kuhn se werk sluit in:

- Wetenskaplike kennis is ook histories en sosiaal beïnvloed; dit is nie 'n neutrale, onafhanklike strewe nie.
- Paradigmaverskuiwings gebeur dikwels nie sonder stote nie, maar bring dikwels emosionele weerstand en krisisse in die wetenskaplike gemeenskap mee.
- Soms kan verskillende paradigmas langs mekaar bly voortbestaan, soos byvoorbeeld in kwantumfisika waar lig beide as 'n golf en as 'n deeltjie, beskou kan word.

Hoewel Kuhn se idees 'n belangrike bydrae tot die begrip van wetenskaplike verandering gemaak het, is daar 'n risiko verbonde aan sy model: As kennis bloot as 'n reeks veranderlike paradigmas beskou word, kan dit lei tot 'n relativistiese beskouing waarin geen teorie 'n meer fundamentele aanspraak op waarheid het as 'n ander nie. Dit kan dan ook meewerk dat alle bestaande kennis bloot as groepsdenke afgemaak word en ook skoksgewys kan verander.

Hierdie gevaar by Kuhn word nog duideliker wanneer hy in sy klassieke werk, *The Structure of Scientific Revolutions*, oor sy eie metaparadigma (sy paradigma op paradigmas) praat. Nadat hy 'n indrukwekkende en waardevolle kragtoer van die geskiedenis van wetenskaplike modelle gedoen en aangetoon het hoe die veranderinge plaasgevind het, erken hy in sy slothoofstukke dat hy dit oorhoofs in terme van 'n evolusieraamwerk benader. Dit is hier waar die bekende Christenskrywer en -apologeet, CS Lewis, se insigte ook belangrik is om van kennis te neem.

**Lewis sou gestel het dat Kuhn homself hiermee reeds Kopernikaans uitdruk. Waar Kuhn en sovele vandag in terme van paradigmas en modelle dink, gaan Lewis, soos hulle gesê het, so oorhoofs (meta) as moontlik en voer dit terug na kosmologiese modelle.**

## CS Lewis: Kosmologiese modelle en wetenskap

CS Lewis, die eertyds akademikus by Oxford en Cambridge, het 'n diepgaande blik op hoe mense se begrip van die wêreld oor tyd verander.



Hy het daarop gewys dat die skuif van die Ptolemeïese[3] na die Kopernikaanse model nie bloot 'n wetenskaplike vooruitgang was nie, maar ook 'n simboliese verskuiwing in hoe mense oor die heelal dink. Lewis was van mening dat die analogiese verbeelding oor God se hemelruim onder meer in die proses verskraal het.

Lewis het daarop gewys dat die Kopernikaanse model 'n denkwyse gevestig het waarin groei en ontwikkeling, en later evolusie, as die natuurlike rigting van verandering beskou word. Hy het dit veral in verband gebring met ons onbewuste aannames oor vooruitgang, en die moderne neiging om ouer wêreldbeelde en idees as "primitief" te beskou. Hy het gewys dat sulke konsepte kultureel gevorm word. So het die term "primitief" oorspronklik "eerste" of "oorspronklik" beteken, maar onder 'n nuwe paradigma, het dit 'n ongunstige betekenis gekry.

Michael Ward, 'n Lewis-kenner, wys daarop dat ons model oor die wêreld, ons kosmologie, nie net ons denkgange beïnvloed nie, maar ook ons emosies en manier van dink oor die wêreld. Ons moet dus bewus wees van die diep kulturele, maar ook kosmologiese filters waardeur ons wetenskaplike resultate interpreteer.

Lewis het Kuhn se siening van paradigmaverskuiwings onbewus hervorm deur te wys dat hierdie verskuiwings dikwels nie slegs deur wetenskaplike bewyse gedryf word nie, maar ook deur 'n diep menslike soeke na nuwe modelle wat beter aansluit by die intellektuele en emosionele behoeftes van 'n tydperk. Hy skryf: "Wanneer veranderinge in die menslike verstand 'n voldoende afkeer van die ou model en 'n hunkering na 'n nuwe een veroorsaak, verskyn die bewyse vir die nuwe model amper asof dit gehoorsaam opduik."

Lewis reken nie die nuwe insigte het geen ontdekking nie. Daar is eenvoudig soveel data waarmee gewerk kan word. "Ek bedoel nie dat al hierdie nuwe verskynsels illusie is nie. Die natuur het allerhande verskynsels in voorraad en kan in baie verskillende smake pas."

Lewis verduidelik vooraf dat hy as 'n seun gedink het (let wel) dat Darwin evolusie ontdek het, en dat die kosmiese ontwikkelingswyse op daardie basis opgerig is. Hy verwys egter na Lovejoy se standpunt en wys daarop dat veranderinge reeds met Schelling, Keats, Wagner, Goethe en Herder plaasgevind het. Lewis is van mening dat 'n revolusionêre en romantiese gees eers identifiseer kan word en dat wetenskaplikes eers daarna "te werk gaan om die bewyse te ontdek waarop ons geloof in daardie soort heelal kan rus".

---


1. Die artikel het oorspronklik in die Maart 2000-uitgawe van *Die Boodskapper* verskyn en is deur die skrywer vir hierdie uitgawe bygewerk.
2. Hoogleraar Dogmatologie, AP Akademie.
3. Model wat die aarde as die middelpunt van die heelal beskou, waar die son, maan, planete rondom die aarde wentel.

Vervolg op bl. 15 »



# Die verskil tussen die skeppings-verhale van Génesis 1 en 2

**Prof. Koos Adendorff**[1]



Jean Astruc

Jean Astruc (1684-1766), ’n mediese professor te Montpellier en Parys in Frankryk, het ’n belangstelling in die literêre analise van Génesis ontwikkel. Terwyl hy Génesis 1 en 2 bestudeer het, het dit hom opgeval dat die Godsnaam in die twee hoofstukke verskil.

In Génesis 1 word na God verwys as “God” (Hebreeus: *Elohim*), maar Génesis 2 gebruik die naam “HERE[2] God” (Hebreeus: *JHWH Elohim*). Dit het hom tot die oortuiging gebring dat Moses twee “brondokumente” met twee verskillende weergawes van die skepping tot sy beskikking gehad het. In die samestelling van die boek Génesis het Moses soms aangehaal uit die outeur wat God net as “God” geken het, en ’n ander keer uit die outeur wat na Hom as “HERE God” verwys het.[3] Met hierdie siening het Astruc die saad gesaai wat later as die sogenaamde Dokumenthipotese ontwikkel het.

**Hierdie hipotese is van mening dat die eerste vyf boeke van die Bybel nie die werk van een outeur (tradisioneel as Moses aangedui) is nie, maar dat dit ’n samestelling van verskeie afsonderlike dokumente is, elk met sy eie styl, taalgebruik en teologiese beklemtoning.**

Hierdie hipotese het aanleiding gegee tot die siening dat ons in Génesis 1 en 2 met twee afsonderlike skeppingsverhale te doen het.

## Twee skeppingsverhale?

Streng gesproke vind die verdeling tussen die “twee skeppingsverhale” by Génesis 2:3-4 plaas.

**Génesis 2:3 eindig met die woorde dat God die sewende dag geseën en dit geheilig het, *omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.* Génesis 2:4a lui dan: *Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is.***

Vanaf hierdie vers word die Godsnaam “HERE God” in die res van Génesis 2 gebruik.

Génesis 2:4 het al tot baie debatvoering gelei. Talle geleerdes sien dit vandag nog as die begin van ’n tweede skeppingsverhaal wat naas en onafhanklik van dié van Génesis 1:1-2:3 staan. Bybelkritici is ook lief om op die verskille tussen die “twee skeppingsverhale” te wys om die historiese betroubaarheid van die Skrif onder verdenking te bring. Waar Génesis 1 die skepping van die mens aan die einde van die skeppingsproses plaas (vgl. Gén. 1:26-30), wys hulle daarop dat Génesis 2 die skepping van die mens oënskynlik aan die begin plaas (vgl. Gén. 2:7). In Génesis 1:11-12 word plante en bome reeds op die derde dag geskep, terwyl Génesis 2:4-6 suggereer dat die plante eers later, dalk ná die skepping van die mens, geskep is.

## Fokusverskuiwing

Hoe moet ’n mens hierdie verskille verstaan? Dit is toe te skryf aan ’n fokusverskuiwing wat vanaf Génesis 2:4 plaasvind. Die eerste deel van die vers gee ons alreeds ’n aanduiding van hierdie fokusverskuiwing. Daarin kom die woord “geskiedenis” voor. Hierdie woord is die vertaling van ’n Hebreeuse woord (*toledot*) wat tien keer in Génesis voorkom en telkens die begin van ’n nuwe gedeelte aandui (vgl. 2:4, 5:1; 6:9, 10:1, 11:10, 11:27, 25:12, 25:19, 36:1, 37:2 – in sommige verse vertaal as “stamboom”). In Génesis 2:4 dui dit ook die begin van ’n nuwe gedeelte aan wat deurloop tot in hoofstuk 4:26. As sodanig sluit

dit die voorafgaande gedeelte (Gén. 1:1-2:3) as 'n afgeronde gedagte-eenheid af. Waar Génesis 1:1-2:3 die ganse skepping in die oog het, verskuif die fokus in Génesis 2:4 na die tuin en die gebeure daar. Nou het ons nie meer met die totale skepping te doen nie, maar met 'n deel van die skepping, te wete die tuin as besondere ontmoetingsplek tussen God en mens.[4] Dit vorm ook 'n aanloop tot die tragiese gebeure van Génesis 3, waar die mens gehoorsaamheid aan die woord van die Skepper vir gehoorsaamheid aan die woord van 'n skepsel verruil het.

Hierdie fokusverskuiwing help ons om sin te maak van Génesis 2:5. Die *struike* en *plante* van Génesis 2:5 is nie dieselfde as die plantegroei van Génesis 1:11-12 nie. In laasgenoemde geval dui dit op die plante wat wild groei en hulleself deur hul saad alleen voortplant. In Génesis 2:5 dui dit op die plante wat God se gawe van reën en die mens se landboukundige arbeid nodig gehad het om te groei. Hierdie plante kon dus eers groei ná die skepping van die mens.[5]

## Skeppergod én Verbondsgod

Die fokusverskuiwing gee 'n besondere teologiese betekenis aan die gebruikmaking van die Godsname. Die naam "God" (*Elohim*) wat in die gedeelte oor die skepping van die hemel en die aarde gebruik word, beklemtoon die almag van die majestueuse Skeppergod wat net spreek en dit kom tot stand. Aan die ander kant beklemtoon die naam "Here God" (*JHWH Elohim*) die verhouding tussen God en mens. *JHWH* is immers die naam waarmee God Homself later in Exodus 3 as Verbondsgod aan Moses en Israel geopenbaar het. Reg aan die begin van die openbaringsgeskiedenis word aan Israel (en ons) geopenbaar dat die troue Verbondsgod ook die Skeppergod is.

Génesis 1 en 2 is dus nie twee skeppingsverhale wat 'n latere redakteur naas mekaar geplaas het omdat hy nie 'n keuse tussen die twee kon maak nie. Daar is 'n duidelik aantoonbare vloei van gedagtes vanaf Génesis 1:1-2:3 na Génesis 2:4-25. Die klem in Génesis 1:1-2:3 is op die skepping van hemel en aarde. Die skepping is 'n refleksie van God se heerlikheid en majesteit. Hy is die groot Koning en absolute Heerser wat deur sy magswoord dinge tot stand laat kom wat nie daar was nie. Dit wys die mens ook aan as die kroon van God se skepping. Dit bevestig ook dat wat God geskep het, goed was.

Vanaf Génesis 2:4 lees ons in groter besonderhede van God se verhouding met die mens. Die klem val op God se handelinge met die mens, wat van sy besondere sorg vir die mens getuig. Hy formeer sy liggaam uit die stof van die aarde en blaas die lewensasem in sy neus. Hy plant 'n tuin waarin Hy die mens plaas en voorsien hom van voedsel. Hy gee die mens opdrag om die tuin te bewerk en te bewaak. Dit word duidelik dat Eden en sy tuin as 'n heiligdom gesien moet word, wat as woonplek van God en ontmoetingsplek tussen God en mens gedien het. Dit toon die mens as priester-koning aan wat deur God in 'n tuintempel geplaas is om daarin diens te doen. In die lig hiervan kry God se opdrag om nie van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet nie, besondere betekenis. Die mens het 'n verantwoordelikheid om die heiligdom te bewaak. Die eetverbod gaan met die dreiging van dood gepaard. Dit is 'n voorspel tot die gebeure wat vanaf Génesis 3 sou ontvou.

**Génesis 3 vertel die tragiese verhaal van hoe *die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het* (Rom. 5:12).**

Génesis 4 toon aan hoe die sonde hand oor hand toegeneem het. Génesis 2:4 tot 4:26 toon dus aan hoe diep die mens, wat goed deur God geskape is, deur sy eie toedoen in die sonde geval het. Dit bevat egter ook 'n sterk boodskap van hoop, wat in die belofte van die saad van die vrou wat die slang se kop sal vermorsel, gesentreer is.

Ons slotsom is dus dat ons nie Génesis 1 en 2 as twee skeppingsverhale hoef te lees nie, maar as die vloei van God se ontvouende openbaring aangaande sy skepping- en verlossingsplan.

1. Hoogleraar in Ou Testament aan die AP Akademie en medeleraar van die AP Kerk Pretoria-Oos.
2. In die 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel word die naam JHWH deurgaans as "HERE" met klein hoofletters weergegee.
3. Gleason L. Archer. *A survey of Old Testament introduction* (Chicago: Moody Press, 1964), 74.
4. Heiser beklemtoon ook die verskil tussen Génesis 1 en 2: "The first observation is one that is transparent from the biblical text, but somehow missed by many: *Not all the world was Eden.* It's important to establish that Eden was, rather than the entire earthly creation, only a tiny part of it" (Heiser, M.S. *The unseen realm: Recovering the supernatural worldview of the Bible.* (Bellingham WA: Lexham Press, 2015), 19).
5. Victor P. Hamilton, *The Book of Genesis, Chapters 1–17*, The New International Commentary on the Old Testament (Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Co., 1990), 154.



# Die betroubaarheid van dateringsmetodes

**Pieter le Roux**[1]

Die oorgrote meerderheid van wetenskaplikes glo dat die aarde miljarde jare oud is. Gevolglik is die Bybel se leer van 'n heelal wat slegs 'n paar duisend jaar oud is, verkeerd.

Mense wat sulke stellings as die waarheid aanvaar, begaan ongelukkig twee groot flaters (soms met verreikende gevolge) sonder dat hulle dit besef. Ten eerste aanvaar hulle dat waarheid deur die meerderheid bepaal word, en tweedens plaas bogenoemde stelling die wetenskap in 'n hoër gesagsposisie met meer outoriteit as die Woord van God.

Deel van die probleem is dat Christene in die gewoonte gekom het om meer te luister (en te glo) na wat geleerdes sê, eerder as om te kyk wat in die Bybel geskryf staan. Paulus waarsku ons daarteen in Romeine 12:2 waar hy sê dat ons nie aan hierdie sondige wêreld gelykvormig moet word nie, maar eerder verander moet word deur ons denkwyse te vernuwe (m.a.w. om altyd vanuit 'n Bybelse wêreldbeskouing na iets te kyk).

## Hoe werk dateringsmetodes?

Gestel u stap 'n vertrek binne waar 'n kraan besig is om water in 'n emmer te tap. U stap na die kraan en draai dit toe. Daarna meet u die hoeveelheid water in die emmer (in hierdie geval is dit tien liter), sowel as die vloeitempo van die kraan (in hierdie geval is dit een liter per minuut). As ons wil uitwerk hoe lank dit geduur het om die tien liter water in die emmer te tap, is dit mos eenvoudig. Ons deel net die hoeveelheid water wat in die emmer is deur die vloeitempo van die kraan om 'n antwoord van tien minute te kry. Wiskundig is dit die korrekte antwoord, maar wetenskaplik gesien, is tien minute verkeerd! En dis letterlik hoe maklik dit is om in die slaggat te trap.

> **Ware wetenskap word gedefinieer as die verkryging van kennis deur *waarneming* en *eksperimente*.**

Gevolglik kan hierdie soort wetenskap slegs in die *hede* gedoen word. Met ander woorde, daar is beperkings op die wetenskap. Ons kan nie teruggaan in die verlede om iets eerstehands waar te neem nie. Ons kan nie teruggaan in die verlede om eksperimente te doen nie. Ons kan nie teruggaan in die verlede om ons eksperimente te herhaal of kontroles daarvoor op te stel nie. Dieselfde geld vir dateringsmetodes. Dit mag dalk wetenskaplike aspekte bevat, maar tegnies kwalifiseer dit nie as ware wetenskap nie. Dateringsmetodes word eerder geklassifiseer as historiese wetenskap waar dit onmoontlik is om terug te gaan na die verlede om waarnemings te maak, eksperimente op te stel, eksperimente te herhaal en kontroles daarvoor op te stel. Met dit in gedagte, kom ons kyk nou weer na die water-in-die-emmer-tap-eksperiment.

Indien u gesê het die antwoord is tien minute, het u ten minste ses aannames gemaak sonder om dit te besef, naamlik dat:

- die emmer aanvanklik leeg was;
- daar vir tien minute 'n konstante waterdruk in die kraan was;
- die kraan ononderbroke water in die emmer getap het;
- geen water deur iemand uit die emmer verwyder is nie;
- geen ekstra water deur iemand in die emmer gevoeg is nie;
- daar nie 'n gat in die bodem van die emmer is waar die water konstant uitgelek het nie.

Indien al ses hierdie aannames waar is, glo ek ook dat dit tien minute geduur het om die tien liter water in die emmer te tap. MAAR, indien slegs één van die aannames verkeerd is, is die antwoord van tien minute verkeerd. Dit is egter onmoontlik om terug te gaan in die verlede om te kyk of al ses bogenoemde aannames waar is of nie.

## Hoe werk radiometriese dateringsmetodes?

Mense wat oor koolstof-14($^{14}C$)-datering uitvra, wil gewoonlik weet hoe radiometriese dateringsmetodes (ook genoem isotoop- of radio-isotoopdatering) werk wat na bewering miljoene en miljarde jare aantoon. Daarteenoor is koolstofdatering beperk tot net duisende jare. Vir die doeleindes van hierdie artikel, gaan ek net op $^{14}C$-datering fokus.

$^{14}C$ word gevorm wanneer kosmiese strale neutrone uit atoomkerne in die boonste atmosfeer forseer. Hierdie verplaaste en vinnig bewegende neutrone tref gewone stikstof ($^{14}N$) by 'n laer hoogte, wat dit na $^{14}C$ omskakel. Anders as gewone koolstof ($^{12}C$), is $^{14}C$ onstabiel en verval dit geleidelik sodat dit weer na stikstof verander en energie vrylaat. Hierdie onstabiliteit maak dit radioaktief.

$^{12}C$ word in koolsuurgas ($CO_2$) in die lug aangetref, wat deur plante opgeneem word en wat op hul beurt weer deur diere geëet word. Dus bevat 'n been, 'n blaar of selfs 'n houtmeubelstuk koolstof. Wanneer $^{14}C$ gevorm word, sal dit net soos $^{12}C$, met suurstof verbind om koolsuurgas ($^{14}CO_2$) te gee, en so word dit deur die selle van plante en diere gesirkuleer.

Ons kan 'n lugmonster neem, tel hoeveel $^{12}C$-atome daar vir elke $^{14}C$-atoom is, en die $^{14}C/^{12}C$-verhouding bereken. Omdat $^{14}C$ so goed met $^{12}C$ vermeng is, verwag ons dat hierdie verhouding dieselfde sal wees as wanneer ons 'n monster van 'n boomblaar, of 'n deel van ons liggaam sou neem. Alhoewel $^{14}C$-atome gedurig omskakel na stikstof, ruil lewende wesens steeds koolstof met hul omgewing uit en bly die mengsel omtrent dieselfde as in die atmosfeer. Sodra 'n plant of dier egter vrek, word die $^{14}C$-atome wat vergaan, nie meer vervang nie sodat die hoeveelheid $^{14}C$ in daardie eens lewende organisme, met verloop van tyd afneem. Met ander woorde, die $^{14}C/^{12}C$-verhouding word kleiner. Ons het dus 'n "horlosie" wat begin tik die oomblik wanneer iets doodgaan. $^{14}C$-datering kan dus net gebruik word vir dinge wat eens lewend was, en kan byvoorbeeld nie gebruik word om vulkaniese rotse te dateer nie.

Die tempo waarteen $^{14}C$ verval, is sodanig dat dit die helfte van 'n hoeveelheid sal omskakel na $^{14}N$ in 5 730 (± 40) jaar. Dit is die "halfleeftyd". Dus, ná twee halfleeftye (11 460 jaar) sal slegs een kwart oorbly, ná drie halfleeftye (17 190 jaar) 'n agtste, ensovoorts. Enigiets ouer as omtrent 50 000 jaar behoort teoreties geen meetbare $^{14}C$ oor te hê nie. Dit is waarom radiokoolstofdatering nie miljoene jare kan gee nie. Trouens, indien 'n monster $^{14}C$ bevat, is dit 'n goeie bewys dat dit nie ouer as 50 000 jaar is nie.

Dinge is egter nie heeltemal so eenvoudig nie. Eerstens, plante "diskrimineer" teen koolsuurgas wat $^{14}C$ bevat. Dit beteken hulle neem minder op as wat verwag word en dus toets hulle ouer as wat hulle regtig is. Verskillende soorte plante diskrimineer ook op verskillende maniere. Dit moet dus ook in ag geneem word.

Tweedens, die verhouding van $^{14}C/^{12}C$ in die atmosfeer was nie konstant nie. Dit was byvoorbeeld hoër vóór die industriële era, toe die verbranding van groot hoeveelhede fossielbrandstowwe baie koolsuurgas vrygestel het waarvan die $^{14}C$ uitgeput was. Dit sou volgens die koolstofdateringsmetode dinge ouer laat lyk het wat in daardie tyd doodgegaan het. Boonop was daar 'n styging in $^{14}CO_2$ met die koms van atmosferiese toetsing van atoombomme in die 1950's. Dit sou die ouderdom van dinge wat in daardie tydperk deur middel van koolstofdatering bepaal is, jonger laat lyk het as hul werklike ouderdom. Inteendeel, wanneer dit by radiometriese dateringsmetodes kom, is daar in totaal 17 aannames wat waar moet wees voordat die datum wat verkry word, geldig verklaar kan word. En soos vroeër met die water-in-die-emmer-tap-eksperiment verduidelik, indien slegs één van die aannames verkeerd is, is die antwoord ook verkeerd. En dit is onmoontlik om na die verlede terug te gaan om te kyk of al die aannames waar is of nie.

Wanneer dit by dateringsmetodes kom, moet ons altyd in gedagte hou dat wetenskaplikes eers aannames oor die verlede moet maak voordat hulle die ouderdom van iets kan bereken. Dateringsmetodes is dus nie 'n manier van meting nie, maar 'n manier van dink. In 1 Korinthiërs 3:19 sê Paulus tereg dat die wysheid van hierdie wêreld, dwaasheid by God is.

1. Bedieningskoördineerder en spreker, Creation Ministries International.



# Kan die gapingsteorie die "afstand" tussen Génesis 1:2 en 1:3 verklaar?

**Ds. Adriaan Botes**[1]

**Die evolusieteorie word oral in universiteite en skole as feite geleer. Dit klink so oortuigend dat 'n mens eintlik te geïntimideerd voel om iets daarteen te sê. In die 1800's was selfs die teoloë so geïntimideerd dat hulle probeer het om die "miljoene jare" waarvan evolusionisme praat, met die Bybel te versoen. Sommige van hierdie teoloë was egter onwillig om met die ses letterlike skeppingsdae van Génesis 1 te breek.**

Gapingsteorieë is 'n poging om die "miljoene jare" van evolusie, met die ses skeppingsdae van God te versoen. Die gapingsteorie sê basies dat daar 'n tydperk, of 'n gaping was wat vóór die ses skeppingsdae inpas.

## Klassieke gapingsteorie

Die oudste gapingsteorie is die klassieke gapingsteorie. In 1804 het 'n jong leraar, Thomas Chalmers (1780-1847), begin sê dat die "miljoene jare" met die Skrif ooreenstem. Chalmers en ander teoloë het probeer om die gaping tússen Génesis 1:1 en 1:2 in te pas. Die skepping waarvan Génesis 1:1 praat, word dan as die "eerste skepping" gesien. Daar was ook mense op die aarde en Satan het saam met die mense in die tuin gewoon en oor hulle regeer. Eségiël 28:12-19 en Jesaja 14:11-15 word gebruik om hierdie standpunt te staaf. Satan het toe tot 'n val gekom en sonde die wêreld ingebring, en God het die eerste skepping met "Lucifer se vloed" vernietig. Dit is dan die rede waarom die aarde in Génesis 1:2 as *woes en leeg* beskryf word, en met 'n wêreldvloed bedek was. Die fossielrekord van mense, diere en plante het as gevolg van daardie eerste vloed ontstaan. God het dan met die ses skeppingsdae alles weer ordelik gemaak en herskep.

*1 In die begin het God die hemel en die aarde geskape.*

*2 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.*

Daar is probleme met hierdie teorie:

1. Die Bybel is die onfeilbare en geïnspireerde Woord van God (vgl. 2 Tim. 3:16; 2 Petr. 1:20-21), en die Bybel self is die lens waardeur ons alles, ook teorieë, toets en nie andersom nie.

2. God sê duidelik op die sesde skeppingsdag (vgl. Gén. 1:31) dat alles wat Hy gemaak het, *baie goed* was. Indien daar alreeds sonde en dood in die skepping was, sou God se skepping nie baie goed gewees het nie. God het nie sy goeie skepping op die geraamtes van mense en diere gebou nie.

3. Die dood het eers met die sondeval in Génesis 3 in die wêreld gekom. God het die mens beveel om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie. Hy het die mens gewaarsku dat as hulle daarvan sou eet, hulle sekerlik sal sterwe (vgl. Gén. 2:16-17). Weens die

ongehoorsaamheid van Adam en Eva het die dood in die wêreld gekom (vgl. Gén. 3:17-19).

4 Exodus 20:8-11 sê duidelik dat die ses skeppingsdae nie net ses letterlike dae was nie, maar ook dat God in daardie ses dae *die hemel en die aarde, die see en alles wat daarin is, gemaak het.*

5 Jesaja 14:11-15 is ten eerste deel van 'n godspraak teen die koning van Babel, en Eségiël 28:12-19 teen die koning van Tirus. Die diepere verwysing na Satan is om te wys dat die konings van Babel en Tirus, soos Satan, weens hul hoogmoed tot 'n val sal kom. Daar is geen bewyse in hierdie tekste van skepping, of die vernietiging van daardie skepping vóór die ses skeppingsdae nie.

6 Die uitdrukking "woes en leeg", staan nie in die konteks van oordeel nie, maar dui op 'n toestand. Dieselfde uitdrukking word in Jeremia 4:23 gebruik, nie om die oordeel oor Jerusalem te beskryf nie, maar om die toestand van Jerusalem te beskryf nadat die oordeel, wat in Jeremia 4:22-29 beskryf word, uitgevoer is.

7 Génesis 1:1-2 is grammatikaal onskeibaar. Die grammatika laat nie toe dat daar 'n gaping tussen 1:1 en 1:2 gebring word nie. Hierdie twee verse beskryf saam iets wat besig is om gebou te word. Moses sê eenvoudig hier dat God op die eerste dag die aarde gemaak het, en dat dit 'n vormlose massa was wat met water bedek was, met geen droë land nie, en niks wat daarop leef of groei nie, en dat alles duister was omdat daar nog nie lig was nie. God het op die eerste dag begin om orde te bring deur lig te skep.

## Sagte gapingsteorie

Die voorstanders van die klassieke gapingsteorie het self agtergekom dat hul teorie nie voldoende is nie. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die sogenaamde sagte gaping. Hierdie teorie soek steeds 'n gaping vir die miljoene jare, maar sonder om dood vóór die sondeval te plaas. Die gaping word ook nie meer tussen Génesis 1:1 en 1:2 geplaas nie, maar tussen Génesis 1:2 en 1:3.

Die voorstanders van hierdie teorie maak gebruik van dieselfde rotslae wat tot almal se beskikking is om hul teorie te staaf.

- Evolusioniste kyk na die rotslae en gebruik dit om die miljoene-jare-teorie te ondersteun. Hulle sien die fossiele wat in die rotslae vasgevang is en sê dat dit oor miljoene jare gevorm is. Die fossiele van mense, diere en plante is bewyse van dood en lyding.
- Die voorstanders van die sagte gapingsteorie maak gebruik van dieselfde rotslae om hul argument oor 'n gaping te staaf. Die probleem is dat, alhoewel hulle sê dat daar nie dood en lyding vóór Adam se sondeval was nie, die rotslae wat hulle dateer tot vóór die tyd van Adam, met fossiele van dooie dinge besaai is.

## Evolusie en Skrif onversoenbaar

Die evolusieteorie en die Skrif is nie met mekaar versoenbaar nie. Daar is nie 'n middelgrond van kompromie nie. Die evolusieteorie is 'n teorie wat deur mense uitgedink is om God uit die heelal te verwyder. Die Skrif getuig in die eerste vers van die eerste hoofstuk van die eerste boek in die Bybel dat God die Skepper van alle dinge is. Die mens het in opstand teen God gekom en in sonde geval. Die mensdom het in die dae van Noag so ontaard en so boos geword dat God die hele aarde en alles wat lewensasem in hulle gehad het, met 'n groot watervloed verdelg het (vgl. Gen. 6:5-7; 2 Petr. 3:5-6). Dit was net Noag wat met God gewandel het. God het Noag beveel om 'n ark te bou en hy het die ark in geloof gebou. Noag, saam met alles en almal wat saam met hom op die ark was, is gespaar. Die fossielrekord wat ons vandag vind, saam met die geologiese letsels van die aarde, is alles as gevolg van die vloed van Noag.

Die Skrif getuig dat God die Vader alles deur die Seun geskape het (vgl. Joh. 1:3, 10; Hebr. 1:1-3; Kol. 1:13-16). Die Seun van God, wat in die begin lewe aan die mens gegee het, en deur wie en in wie Adam en Eva geleef het (vgl. Joh. 1:4), het mens geword om die lewe wat ons verloor het, aan ons terug te gee. Christus het die mag van die sonde en die dood gebreek vir elkeen wat in Hom glo. Hierdie aarde sal op die laaste dag met al die werke wat daarop is, verbrand word (vgl. 2 Petr. 3:10-12), maar soos met Noag, sal elkeen wat in Christus glo, gered en uit die dood opgewek word. Die Here sal op daardie dag ook die hemel en aarde nuut maak (vgl. 2 Petr. 3:13; Openb. 21:1-4), en ons sal saam met God daar woon. Die saligmakende geloof in Christus begin of val reeds in Génesis 1:1-3.

1. Leraar van die AP Kerk Lydenburg.



# Mikro- en makro-evolusie

**Dr. Adriaan Odendaal**[1]

**Mikro- en makro-evolusie word maklik met mekaar verwar. Dit is egter nie dieselfde nie. Die een getuig van God die Skepper en die ander verwerp God die Skepper en Jesus Christus, die Seun van God, ons Verlosser.**

## Oorsig

**Mikro-evolusie** is 'n ander term vir natuurlike seleksie. Dit is 'n verskynsel wat wel voorkom, maar nie nuwe lewende wesens laat ontstaan nie.


**Dit is versoenbaar met die Woord van God en is 'n manier hoe God binne 'n "soort", 'n groot verskeidenheid vorme daarvan voorsien.**

Daarom kan daar baie soorte honde wees: wolwe, herdershonde, boerboele, klein poedels, ensovoorts.[2]

Hierteenoor verwys **makro-evolusie** na 'n proses wat deur die natuur en "kans" beheer word.

**Volgens evolusioniste het makro-evolusie gelei tot die ontstaan en vorming van alle lewende wesens op aarde vanaf nielewende materie.[3]**

Dit bly egter 'n teorie wat nog nooit waargeneem is nie,[4] en wat selfs deur evolusioniste al hoe meer bevraagteken word. Eintlik word makro-evolusie gebruik om 'n aanval op die betroubaarheid en onfeilbaarheid van die Skeppergod se Woord te loods.[5]




## Makro-evolusie verwerp God die Skepper

Makro-evolusie is 'n term wat gebruik word om "grootskaalse" verandering van lewende organismes te beskryf, gewoonlik bo die "spesievlak", wat daartoe lei dat 'n totale nuwe tipe lewende organisme ontwikkel.[6] Volgens hierdie idee kan makro-evolusie deur genetiese veranderinge, soos mutasies, oor miljoene jare totaal verskillende, unieke en al hoe meer komplekse lewende wesens vorm. Hiervolgens sal 'n akkerboom tot 'n hond kan ontwikkel.[7]

Hierdie vorm van evolusie word graag deur ateïste en materialiste aangehang en gebruik om die Woord van God aan te val. Hulle glo dat nielewende materie, gerig deur die natuur se prosesse, toevallig 'n eenvoudige (dog komplekse) lewende organisme geword het. Verdere natuurlike prosesse en omstandighede het nog meer komplekse lewende wesens laat vorm, soos wat vorige generasies doodgegaan en nuwe generasies gevorm het. Êrens het daar ook twee geslagte ontwikkel, en uiteindelik ook die mens. Dit verskil radikaal van God se openbaring in die Skrif.[8]

## Mikro-evolusie getuig van God die Skepper

Mikro-evolusie verwys na kleinskaalse veranderinge in genetiese variasies en die voorkoms daarvan binne die genepoel van 'n populasie, wat ook dikwels oor 'n kort tydperk waargeneem kan word.[9]



Ter verduideliking hiervan dink ons na oor 'n populasie torre. Hierdie torre is almal dieselfde tipe tor, maar sommige het gene wat hulle 'n bruin kleur gee, en ander het 'n genetiese variasie wat hulle 'n groen kleur gee. As die groen torre makliker deur predatore gesien en gevreet

word, bly meer bruin torre oor. Binne 'n geslag of twee neig daar dan om meer bruin torre in die torpopulasie voor te kom, soos die bruin tor se genetiese frekwensie toeneem.[10] Daarom is mikro-evolusie eintlik 'n ander term vir natuurlike seleksie, waar omstandighede binne 'n bepaalde omgewing sekere genetiese eienskappe meer na vore laat kom vanuit die reeds bestaande genepoel van 'n populasie. Dit voeg egter nie nuwe en voorheen onbekende genetiese inligting by die genepoel nie,[11] maar maak gebruik van die genetiese inligting binne die reeds bestaande genepoel. Daarom bly die torre doodgewoon torre, al begin hulle dalk bruiner lyk as voorheen. Die torre word nie renosters, soos wat makro-evolusie probeer voorgee die geval kan wees nie.

**Boere maak al vir millennia van hierdie beginsels gebruik deur sekere beesrasse te teel wat goeie vleisbeeste is en ander wat goeie melkbeeste is. Nog nooit het die beeste egter iets anders as beeste geword nie.**

Natuurlike seleksie is 'n bestaande proses wat met die Bybel versoenbaar is. Dit getuig van God se skeppingswerk, soos wat Génesis 1 dit duidelik openbaar dat God alle lewende wesens na hul soorte gemaak het met die vermoë om vrugbaar te wees, te vermeerder en die aarde te vul (vgl. Gén. 1:11-13; 20-23). Dit getuig ook van God se alwetendheid en wysheid, omdat natuurlike seleksie 'n meganisme is waarmee God voorsiening maak vir verskillende soorte diere om te kan oorleef in 'n gevalle wêreld waarin die dood toegetree het.[12] Deur natuurlike seleksie kan sekere eienskappe van 'n dier, wat dit in staat stel om in sekere omstandighede te oorleef, na vore tree. Dit help die dier om aan te pas en te oorleef, sonder dat die natuur self 'n totale nuwe soort dier laat ontstaan het.

**Met natuurlike seleksie bly honde egter deel van die hondesoort en beeste van die beessoort, al kan variante binne elke soort voorkom.**

Mutasies wat in die gene van lewende wesens kan ontstaan, lei tot siektes, pyn, kanker en selfs die dood.[13] Dit getuig van die effek van die sondeval (vgl. Gén. 3) en herinner ons dat die hele skepping as gevolg van die sondeval na verlossing en herstel smag en sug (vgl. Gén. 3:17-18; Rom. 8:19-22). Natuurlike seleksie spreek nie teen God Almagtig nie, maar wys eerder op sy almag, alwysheid en voorsienigheid.

## Makro-evolusie is nie versoenbaar met die Skrif nie

Anders as met natuurlike seleksie, is daar baie groot probleme aangaande makro-evolusie en die aanval wat dit op die Skrif loods.

- Makro-evolusie ontken God as die enigste en almagtige Skepper en gee voor dat die natuur self deur natuurlike prosesse aanleiding tot lewe gegee het. Daarvolgens is die natuur en die materiële heelal al wat bestaan. God bestaan nie volgens die evolusieleer nie. Die natuur word eintlik tot god verhef aangesien dit alles rig, beheer en die lewe voorsien.
- Makro-evolusie verklaar dat die dood en lyding van miljoene lewende wesens die mens laat ontwikkel het. Hiervolgens is die mens nie na God se beeld geskape nie (vgl. Gén. 1:26-27), maar eerder as 'n "natuurlike, geëvolueerde wese" wat gerig word deur natuurlike prosesse.
- Vir makro-evolusie is die dood nie sleg nie, en het dit nie in die wêreld gekom toe Adam en Eva gesondig het nie (vgl. Gen. 3; Rom. 5:12-19). Makro-evolusie se implikasie is dat die dood goed is, omdat dit gehelp het om die mens te laat ontwikkel. Dit strook glad nie met die Bybel wat leer dat die dood 'n vyand is nie (vgl. 1 Kor. 15:26).
- Makro-evolusie maak Jesus Christus as 'n leuenaar uit. In Markus 10:6 sê Hy: ... *maar van die begin van die skepping af het God hulle man en vrou gemaak* (vgl. ook Mt. 19:4). Jesus se woorde is duidelik daaroor dat die mens van die begin van die

1. Ph.D. Geologie (UV) en teologiese student aan die AP Akademie.
2. K. Ham & J. Lisle, "Is there really a God?" in B. Hodge, eds., *The New Answers Book 1: Over 25 Questions on Creation/Evolution and the Bible*. 33rd ed. (Green Forest: Master Books, 2024), 7-24; G. Purdom, "Is Natural Selection the Same Thing as Evolution?" in B. Hodge, eds., *The New Answers Book 1*, 271-82.
3. H. Levin, *The Earth through time,* 10th ed. (New Jersey: Wiley, 2013), 238-40; K. Akre & J.P. Rafferty, "Miller-Urey experiment," in *Encyclopedia Britannica* (November 28, 2024): https://bit.ly/3WLB0Q8; Purdom, 273; C. Garner, *Creation and Evolution: Why it matters what you believe,* 2nd ed. (Leominster: Day One Publications, 2015).
4. Billmoyers.com, "Richard Dawkins on the truth of evolution," (2013): https://bit.ly/412T1wa.
5. Garner.
6. Berkeley.edu, "Macroevolution," (University of California Museum of Paleontology, 2025): https://bit.ly/42EqwGh; Wikipedia, "Macroevolution," (2025): https://bit.ly/42JzuBT.
7. Berkeley.edu.
8. Vgl. Garner.
9. AiG, "Evolution, Answers in Genesis," (2025): https://bit.ly/4gyGCUV; Berkeley.edu, "Macroevolution".
10. AiG; Berkeley.edu.
11. Ham & Lisle, 14-15; Purdom.
12. Purdom, 275-78.
13. Ham & Lisle, 13-15.

Vervolg op bl. 27 »



# Wat het van dinosourusse geword?

**Charlotte Möller**[1]

**Geloof in die evolusionistiese teorie oor dinosourusse, is ongeloof. Om te sê dat hulle "miljoene jare gelede", voor Adam en Eva, geleef en toe uitgesterf het, insinueer dat die Bybel se optekening van die skeppingsgebeure (en ander wonderbaarlike gebeurtenisse soos die sondvloed), nie waar is nie. So 'n geloof verwerp die gesag van die Skrif (vgl. NGB art. 5) en is 'n ontkenning van God Drie-enig se bestaan. Gevolglik trek dit 'n streep deur die verlossing wat Christus vir Adam en sy gevalle nageslag bewerk het. Ons siening van dinosourusse definieer ons geloof en bepaal ons eindbestemming.**

## Dinosourusse hét bestaan

Die woord "dinosourus" kom weliswaar nie in die Bybel voor nie. Die Britse wetenskaplike, dr. Richard Owen, het met die naam *dinosauria* vorendag gekom, omdat die groot bene hom aan 'n "verskriklike akkedis" laat dink het. In Job 40 beskryf God twee groot diere:[2] *Behemoot* (vgl. v. 10-19; 2020-vertaling en die meeste Engelse vertalings) en 'n *leviatan* (vgl. v. 20-28; 2020-vertaling en die meeste Engelse vertalings). Die 1933/53- en 83-vertaling gebruik die woorde "seekoei" en "krokodil". Alhoewel die beskrywings van *behemoot* en *leviatan* nie ooreenstem met enige bekende lewende spesie vandag nie, was hulle wel bekend gedurende die tyd van die aartsvaders.

Die Britse geoloog, paleontoloog en mediese dokter, Gideon Mantell, het die eerste tande en bene in 1820 ontdek. Hy het geglo dat dit die reste van 'n groep nuwe "reptiele" was. Behalwe hul grootte, verskil die posisie van dinosourusledemate egter van reptiele s'n. Hul ledemate was soos dié van soogdiere, wat die liggaam van onder af ondersteun. Reptiele se ledemate strek sywaarts uit. Teen 1841 is nog nege tipes van hierdie sogenaamde reptiele se beendere ontdek, en oor die afgelope 200 jaar is "fossielbegraafplase" op talle plekke regoor die wêreld gevind.

## Wanneer het hulle geleef?

Volgens evolusioniste het dinosourusse miljoene jare gelede geleef. Dit is nie wat die Bybel leer nie. Alles, die hemel en die aarde, is *in die begin* (vgl. Gén. 1:1) in ses, vier-en-twintiguurdae, geskape. Uit geslagsregisters wat regdeur die Ou Testament tot by die koms van Jesus Christus opgeteken is, kan ons bereken dat die skeppingsgebeure ongeveer 6 000 jaar gelede plaasgevind het. Op die sesde dag het God die landdiere, sowel as vir Adam en Eva, geskape (vgl. Gén. 1:24-27). Dinosourusse was landdiere en is op dieselfde dag as Adam en Eva geskape. Hulle het dus saam met die eerste mense geleef, saam met hulle vermeerder, en van die groen *plante*[3] (vgl. Gén. 1:30) van die "jong" aarde geëet.

## Wanneer het hulle gesterf?

Volgens evolusioniste het dinosourusse ongeveer 65 miljoen jaar gelede uitgesterf, en twee redes is veral gewild: ander soogdiere het verskyn en die dinosouruseiers opgevreet, of 'n asteroïede het die aarde getref en hulle uitgewis. Die feit dat dinosourusbeendere so goed bewaar is, beteken dat hulle vinnig bedek is, en dat iets gebeur het wat hulle skielik begrawe het. Hierdie gebeurtenis was natuurlik die sondvloed, ongeveer 4 500 jaar gelede. 'n Fossielvonds van 'n familie van ses dinosourusse wys byvoorbeeld dat hulle saam begrawe is, sonder tekens dat hulle anders as deur die vloedwaters oorval is.

In die begin het God alles goed geskape (vgl. Gén. 1:31). Mens en dier (ook dinosourusse) het floreer en in harmonie met mekaar geleef. Daar was genoeg en goeie voedsel. Daar was nie dood, jag op mekaar, of agteruitgang

van menslike of dierlike gene nie, want daar was nie sonde nie. Daar kon dus nie dinosourusfossiele gewees het nie. Toe kom die eerste mens in opstand teenoor God en bring daarmee sonde die wêreld in (vgl. Gén. 3). Alles het daarna verander en die ganse skepping was nou weens Adam se sonde aan die nietigheid onderworpe (vgl. Rom. 8:18-25). Boosheid het geseëvier.

God het besluit om die mens met 'n vloed te straf, waarvan die diere nie vrygestel was nie. Die Godvresende Noag het genade in die oë van die HERE gevind (vgl. Gén. 6:8). Hy moes 'n ark bou waarin hy, sy gesin en landdiere (ook voëls) die vloed sou oorleef. Wat die diere betref, moes Noag nie elke soort dier in die ark neem nie, maar slegs die genus (moedersoort) van alle verwante spesies (vgl. Gén. 6:19). Op 'n wonderbaarlike wyse het God dit laat gebeur dat die diere self na die ark gekom het (vgl. Gén. 6:20). Dinosourusse, volgens God se voorskrif oor "moedersoorte", het ook in die ark ingegaan, terwyl die res van hulle, saam met die ander diere wat nie in die ark was nie, vergaan het. Die gemiddelde volgroeide grootte van dinosourusse was ongeveer die grootte van 'n skaap. Selfs die grootstes, soos die *Apatosaurus* en *Brachiosaurus*, kon as jong diere die ark ingaan. Dieselfde sou vir groot diere soos olifante en kameelperde kon geld.

## Ná die sondvloed

Die waters van die vloed het die ganse aarde bedek en net die agt mense en die diere wat in die ark was, het oorleef. In Génesis 8 gee God opdrag dat Noag en sy gesin, en al die diere wat in die ark was, moes uitgaan, *dat hulle kan wemel op die aarde en vrugbaar wees en vermeerder op die aarde* (v. 17). Ons moet onthou dat ná die sondvloed, *die vrees en skrik vir julle sal wees oor al die diere van die aarde* (ook die dinosourusse) ... en *alles wat beweeg en lewe* (ook die dinosourusse), *sal julle voedsel wees* (Gén. 9:2-3). Daar was heel waarskynlik kontak tussen mens en dinosourus ná die vloed, maar dit is moontlik dat hulle 'n wedersydse bedreiging was en dat kontak dus beperk kon wees.

Sedert die tyd van Noag se vloed, het talle diere uitgesterf – dit is die voortgaande vloek van die sonde wat op die skepping rus. Soos die dodo (uitgestorwe voël van die eiland Mauritius), en die uitwissing wat byvoorbeeld die swartrenoster in ons tyd in die gesig staar, het die dinosourusse heel waarskynlik uitgesterf weens verskeie redes: menslike bedreiging, verlies van habitat, bedreiging van ander diere, ensovoorts.


Dodo

Dinosourusse is die sleutel om mense wat dink dat evolusie waar is, met feite uit die Bybel te konfronteer. Veral ons kinders moet met die regte inligting bewapen word, aangesien hulle 'n fassinasie met dinosourusse het en sagte teikens vir die ketterpyle van evolusioniste is.


**Bronne**

- D. Batten en J. Sarfati, *15 Redes om Genesis as histories waar te aanvaar* (Durbanville: Creation Ministries International, RSA, 2010).
- D. Batten, et.al., "Wat van dinosourusse," in *Antwoorde oor die skepping* (Powder Springs, Georgia: Creation Book Publishers, 2021), hfst. 19.
- K. Ham, "Dinosaurs and the Bible", Answers in Genesis (January 5, 2015). https://bit.ly/40F8twW
- T. Walker, *Die Genesis Vloed: Feit of Fiksie* (Brisbane: Creation Ministries International, 2010), hfst. 1.


1. Lidmaat van die AP Kerk Potgietersrus.
2. https://bit.ly/412ZgQC
3. Vgl. Job 40:10 (2020-vertaling), waar die behemoot gras eet en waarskynlik 'n herbivoor was.


**ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS**

**Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DStv.**

**Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430**

**Kasteelsig Gastehuis**

**Pretoria**

**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**

±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal

**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

Vervolg vanaf bl. 26

# Oor die boute en moere van wetenskap

Ook Lewis reken daarom dat ons versigtig moet wees om wetenskaplike verandering bloot as 'n lineêre vooruitgang vanaf dwaling na waarheid te sien. Hy reken elke kosmologiese model het unieke sterkpunte:

> **"Geen model is 'n katalogus van opperste realiteite nie, en geeneen is blote fantasie nie. Elkeen is 'n ernstige poging om al die verskynsels wat op 'n gegewe tydperk bekend is, in te kry, en elkeen slaag daarin om 'n groot aantal in te kry. Maar ook, net so seker, weerspieël elkeen die heersende psige van 'n era byna net soveel as wat dit die toestand van kennis van daardie era weerspieël."**

Lewis sê dit nie implisiet nie, maar suggereer wel dat sekere verbeeldingryke en metafisiese aspekte van die Middeleeuse wêreldbeeld verlore gegaan het, en dat toekomstige wetenskaplike ontwikkeling dalk aansluiting kan vind by sommige van hierdie ou, maar goue insigte. Die belangrike hiervan is dat dit ook 'n diepdeurdringende Christelike model op die wêreld verteenwoordig. Dit is 'n model waar die hele wêreld nog as 'n katedraal en 'n simfonie ervaar is.[4] Daarom het Christene die voorreg om oop te bly vir verskillende maniere om die wêreld te verstaan, eerder as om slegs die heersende wetenskapsmodel as absoluut en finaal te beskou.

## Gevolgtrekking: Opwindende vooruitsigte vir geloof en wetenskap

Wetenskap is nie 'n statiese sisteem van onveranderlike waarhede nie. Die krag van wetenskap lê juis in sy vermoë om homself te korrigeer. Vooruitgang, soos gesien in die oorgang van Newtoniaanse fisika na Einstein se relatiwiteitsteorie, toon dat wetenskaplike modelle oor tyd verander en verfyn word.

Maar is ons al aan die einde van hierdie reis? Bogenoemde uit CS Lewis lei tot die gevolgtrekking dat ons eerder opgewonde mag uitsien na meer en beter en dieper. Dit beteken selfs iets anderkant Einstein se model – wat hom en die Middeleeue saam beter verreken. In hierdie verband behoort die skrywer, GK Chesterton, se oortuiging ons te inspireer. Chesterton was van mening dat 'n Christelike geloofsbenadering tot wêreldbeskouing ons in staat stel om ruimer en dieper te dink as ongelowiges. Dit help ons om nie vasgevang te bly in beperkte en benoude materialistiese modelle nie. Waar die naturalisme en sy meganisme, evolusionisme, die wêreld basies as 'n "boom" beskou met takke wat alles aan mekaar verbind, is daar heelwat wetenskaplikes wat reken dat 'n Christelike beeld eerder die wêreld as 'n "boord" beskou. Daar is dus verskillende soorte spesies waaruit bepaalde subspesies ontwikkel. Hierdie benadering bied 'n ruimer visie en 'n veld van moontlikhede wat minder beperkend is, en nie uitgelewer is aan die absurde stroomaf gevolge van Darwin se beskouings nie. Meer nog, ons mag so 'n dieper begrip van die wêreld ontwikkel, asook 'n meer genuanseerde beskouing oor die rol wat wetenskap en tegnologie in ons lewens speel.


4. Vir dieptestudie hieroor: Jason Baxter, *The Medieval Mind of C.S. Lewis*.


Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

Skandeer die kode en bestel op ons webblad!



PRYS: R50

PRYS: R150





PRYS: R95

PRYS: R65


«Vervolg vanaf bl. 13

## Die dood, erfsonde- en verlossingsleer: Struikelblokke vir 'n kompromiebenadering

het, watter hoop het ons dan dat God dit die tweede keer sal regkry? Die evolusieteorie maak die hoop op 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde feitlik onmoontlik.

### Sake om oor na te dink

- Om te beweer dat God 'n stukkende, sondige aarde geskep het, is in stryd met sy wese, sy heiligheid en sy liefde.
- As jy die evolusieteorie en die fossielrekord aanvaar, wat maak jy dan met die tyd en plek van die sondeval?
- As dood nie die straf op die sonde is nie, waarom het jy dan vir Christus nodig?
- Die evolusieteorie wil God van die troon afstoot en die Here Jesus van die kruis afruk.
- Elke Christen wat die evolusieteorie in sy denkraamwerk plek wil gee, moet homself afvra: Is dit eerlik om Matthéüs 1 te glo (maagdelike geboorte), maar nie Génesis 1 nie? Het ons die reg om self te besluit wát in die Bybel waar is en wat nie? Dit is alles of niks.
- Wanneer 'n Christen die evolusieteorie aanhang en dan die feite van die sondeval ignoreer, is hy oneerlik met die waarheid van God se Woord.

Die evolusieteorie tas die waarheid van die Skrif aan en daarom moet iemand wat beide Skrif en evolusie in sy hart wil dra, versigtig wees dat sy geloof nie stadig maar seker weg erodeer sodat hy later net 'n gapende krater van sy eens vaste geloof oor het nie.

«Vervolg vanaf bl. 23

## Mikro- en makro-evolusie

skepping af as man en vrou gemaak is. Die mens het nie ontwikkel vanuit 'n toevallige lewende organisme wat oor tyd meer kompleks geword het, êrens twee geslagte ontwikkel het, en daarna tot die mens ontwikkel het nie.

- Makro-evolusie verwerp wonderwerke soos toe die Here binne 'n oomblik water in wyn verander het (vgl. Joh. 2:1-11). Om wyn uit druiwe te maak, is 'n tydsame proses. Deur 'n wonderwerk het Hy egter in 'n oogwink water in goeie wyn verander. Volgens die oortuiging van makro-evolusie, is dit nie moontlik nie en word Christus se Goddelike natuur dus verwerp, terwyl die gesag van die Skrif terselfdertyd bevraagteken word.

### Samevatting

Daar is 'n duidelike onderskeid tussen mikro-evolusie (natuurlike seleksie) en makro-evolusie. Mikro-evolusie kom voor en getuig van God die Skepper se ewige krag, heerskappy, wysheid en voorsienigheid. Makro-evolusie verruil die waarheid vir 'n leuen en poog om die skepping (die natuur) en die skepsel (die mens) tot goddelike status te verhef (vgl. Rom. 8:18-32). So word God en sy werk, vanaf die skepping tot ons redding en herstel in en deur Jesus Christus, verwerp.

**Christene getuig egter van die waarheid wat die Skrif ons leer: Ons Skepper is ook ons Redder.**





PRYS: R55

PRYS: R225







PRYS: R240

PRYS: R200







PRYS: R100

AP KERK RUSTENBURG

## Kersliedere by Kerslig

Op Vrydagaand 22 November het ons eerste Kerkliedere by Kerslig-geleentheid plaasgevind, wat baie goed ondersteun is. Die jaarlikse Kerssangdiens met die tema, "God is liefde", het die Sondag plaasgevind. Lidmate het voorlesings gedoen, ds. Nico het die Woord bedien en die gemeente het uit volle bors saamgesing.


Kerssangdiens

## Senior Kersete

Op 7 Desember is 'n heerlike vingerete aan die senior lidmate voorgesit by die onthaalplaas van een van ons lidmate.


Senior Kersete

## Geloftefees

Met dankbaarheid berig ons dat die opkoms by die gemeente se tweede Geloftediens dubbeld soveel was as in 2023. Die kerkraadsvoorsitter, oudl. Chris Bolton, het met hulp van die broers, 'n varkie op die spit gebraai. Dit was voortreflik saam met smullekker bykosse. Die Geloftediens is voorafgegaan deur huisgodsdiens op Sondag 15 Desember. Die diens is begin met samesang, waarna ds. Nico 'n toepaslike preek gelewer en die gelofte voorgehou het. Ná die diens is verversings in die saal bedien.


Geloftefees

## Lief en leed

Ds. Nico en sr. Tersia het op 27 Augustus 'n tweede kleindogter ryker geword. Ons wens hulle baie geluk! Suster Lenie van der Merwe is op 19 November, enkele dae voor haar 92ste verjaarsdag, oorlede. Br. Steve Jonas, stigterslid, jarelange kerkraadslid en koster is op 25 November op 81 oorlede. Ons bid hul naasbestaandes die troos van ons hemelse Vader toe.

Micky Badenhorst

**ST LUCIA – Vakansiewoonstel te huur**

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parkering (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

**SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's**

**SUIDKUS – MARGATE**

**Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.**

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**

AP KERK RUSTENBURG

## Verbondsonderrig

Die jaar se werk is op 19 Oktober afgesluit met 'n piekniek op die kerkterrein. Die kinders het gesmul aan worsbroodjies en roomys. Op 27 Oktober het die prysuitdeling plaasgevind. Almal was verheug oor die groei in die gemeente, soos weerspieël in die aantal verbondskinders.



Verbondsonderrigpiekniek

## Belydenis van geloof en doop

Die voorbereidingsdiens van Sondag 10 November was 'n besondere en vreugdevolle geleentheid. Vyf gelowiges het belydenis van geloof afgelê, van wie een daarna gedoop is. Die kinders van twee van die nuwe belydende lidmate is ook gedoop.



Verbondsonderrigprysuitdeling

## Bybelstudie

Die maandelikse Bybelstudie is op 14 November afgesluit met 'n bespreking van Hooglied en 'n heerlike bring-en-braai-geleentheid.

## Gemeente-ete

Soos gebruiklik ná nagmaal, het ons nagmaalete op 17 November bestaan uit herderspastei, mengelslaai, broodjies, en roomys vir nagereg.

Micky Badenhorst



*Agter v.l.n.r.: Rene Swart, Janine Hansen, Danjanka Hansen, Lizel Becker met Caylee, Abigail Becker, Brian Becker, AJ Becker, Jonathan Strydom, Willem Strydom. Voor v.l.n.r.: MC Erasmus, Chris Bolton, Lammie Mitchell, Ds Nico Grobler, Ettiene Aucamp, Francois Vos, Johan Vos*

AP KERK WATERBERG

## Belydenis van geloof

Die AP Kerk Waterberg het sommer ses belydende lidmate ryker geword.

Baie geluk aan hierdie ses lidmate en baie welkom in die AP Kerk Waterberg.

Stoffel Visser



*V.l.n.r.: Jean-Marie Burger, Karla Kruger, Enzo Schoeman, ds. Riaan Pretorius, Bianca Neethling en Lize Stapelberg*

AP KERK MARBLE HALL

## 'n Spesiale verjaarsdag

Ons oudste lidmaat, tannie Marie Oosthuisen, was op 19 Oktober 2024 'n geseënde 99 jaar oud. Haar groot dag is saam met geliefdes en kinders in Rusoord gevier. Sy is 'n groot inspirasie vir ons, want sy leef in soveel dankbaarheid en prys die Here voortdurend.


Tannie Marie verjaar

## Pastoriebaba gedoop

Ons was bevoorreg om ons nuwe pastoriebaba te verwelkom. Klein Jan-Lo is op 15 Desember 2024 gedoop. Sy oom, ds. Wikus Malan van die AP Kerk Pietersburg, het die diens waargeneem. Ds. Pieter het die doop aan Jan-Lo bedien. Dit was 'n kosbare oomblik.


Ds. Wickus en sy familie


Ds. Pieter en sy familie

## Namibië-kuier

Lidmate van die gemeente het onlangs by die Jansen-familie van die Mariental-wyk in Namibië gaan kuier. Dit was 'n heerlike belewenis.

Martchen Jansen

AP KERK WONDERBOOM

## Silwer Jeug

Ons gemeente het tans ses lidmate ouer as 90! Tannie Ella Potgieter (104), Annatjie en Salome Nel (albei 93), is nou ons oudste trio.

In die afgelope klompie maande het ons 'n paar kosbare lidmate bo 80 verloor. Nan Swanepoel kon nie ophou praat oor die werksaamhede van die kerk nie. Ons sal haar positiewe gesindheid onthou. Joey van Eeden het geval en haar heup gebreek. Sy het 'n moeilike tyd in die hospitaal beleef, maar ons Here het haar verlos. Ria van Deventer het lank met asma geworstel en moes uiteindelik die stryd gewonne gee. Louis van Wyk het 'n klein ongelukkie met sy motor gehad. Nadat hy ook geval het, het sy liggaam begin verswak. Hy het swaar gekry in die hospitaal en die Here het hom verlos van sy pyn en lyding. Joegie Cornelius het 'n hele tydjie in Huis Hermon gebly alvorens haar liggaam ook nie meer wou voortgaan nie. Sy is sag in haar slaap oorlede, kort voor haar 98ste verjaarsdag.

Ons is hartseer, maar weet dat die Here Jesus elkeen in sy koninkryk opgeneem het. Ons glo en bid dat die families troos vind in hul nagedagtenis. Ons besef maar te goed watter steunpilare ons verloor het. Ook óns eer hul nagedagtenis.

Engela de Jonge

AP KERK BRAKRIVIER (redaksioneel verkort)

## Kerssangdiens op Brakrivier

Dis Sondag 1 Desember. Daar is opgewondenheid in die lug oor 'n driedubbele genot! Die erediens lei die vreugde in. Prof. Roelof is, soos gewoonlik, op sy beste. Ons sing Kersgesange en luister na een van die mooiste Kerspreke.

Ná die groetseën is daar 'n kort verposing: die diakens deel die Kerssangboekies uit. Die dakligte word afgeskakel en die sierlike ruiker voor in die kerk gloei met klein, ligblou Kersliggies. "Weer dink ons saam aan daardie nag ..." toe die engel die blye boodskap aan vreesbevange herders gebring het. En dan nog meer engele. "Ere aan God in die hoogste! Vrede op aarde ..." sing lidmate uit volle bors. Ons sing "Somerkersfees" en sluit 'n halfuur later af met "Stille Nag", spesiaal met 'n besondere diskantstem. Dan is dit tyd vir 'n heerlike vingerete. So staan-staan eet en gesels ons, harte opgeruimd. Voorwaar 'n Sondag om lank te onthou. Aan God al die eer!



Kerssangdiens

## Sprokiesete vir 70-plussers

Die uitnodiging wás baie spesiaal wees: "Ons senior lidmate is kosbaar! U word uitgenooi na 'n heerlike ete op 5 Desember 2024 om 11:00 by Droombos."

Met ons aankoms word ons ingewag deur staatmaker-raakvatter Esther Olivier by 'n boks vol toutjies. "Trek maar een," en sy tik jou naam af. Aan die einde van die toutjie hang 'n verwelkomingsgeskenkie: 'n reep sjokolade, 'n pen-en-potloodstel, 'n geskenkbewys ... Die atmosfeer is gesellig en eenkant staan musiekinstrumente Toe die laaste seniors 'n toutjie getrek en afgetik is, begin die jolyt. 'n Halfuur van nostalgiese musiek volg: "Die Blou Donau", "Al lê die berge nog so blou", "Get me to the church on time" ...


Ete vir senior lidmate

Ná 'n halfuur se musiekluister, doen prof. Roelof Marè die tafelgebed en die ete word bedien: boerekos met vleis, rys en pampoenkoekies, onder andere ... Langs elke bord is 'n lekker drinkdingetjie: Cappucino, vrugtesap of 'n teetjie. Die ete word afgesluit met "deftige" poeding in teekoppies! Toe nóg verrassings: by elke bord is 'n tuisgebakte, versierde vrugtekoekie vir huis toe vat; en 'n potplant voor jou bord met 'n kolletjie op, is ook vir huis toe vat!

Janine du Plessis

**SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE**

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies. **082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**

AP KERK DENDRON

## Van stofstrate tot sandduine





Dertig jongmense van die AP Kerk Dendron se senior jeugaksie het vir 'n paar dae die stofstrate van die verre noorde vir die sandduine van Sodwanabaai verruil.

Wat 'n ervaring! Rondom die Woord, gedurende aandgodsdiens en werksessies, en aan die hand van ons kamptema: "Los my uit!" het ons geestelike verdieping ervaar. Ons kon leer hoe om ons identiteit in Christus te vind, en hoe dit ook jou spanning kan verlig en die siening wat jy van jouself het, belig.

Die jongmense én voorgangers het in die paar dae gebrand daar waar die Bosveldson gewoonlik nie bykom nie. Rooi, en lekker moeg, maar 'n "goeie moeg", en ons was weer veilig tuis. Gedurende die dertien uur lange busrit terug Bosveld toe, het die jongmense reeds weer begin beplan aan die volgende geleentheid.

Dankie aan die kerkraad en gemeente, en veral die jeugvoorgangers (wat saam was) – wat werklik erns maak met die geestelike versorging en verdieping van ons jongmense.

Jeuggroete


## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad • Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria


**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** FEBRUARIE 2025, BL. 15

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 T | E | 2 B | E | 3 T | | | 4 B | | | | | | 5 P | A | L | E | I | 6 S |
| | | A | | O | | | E | | 7 V | A | 8 D | E | R | | | | | A |
| 9 S | | L | | E | | | S | | | | O | | O | | | | | A |
| I | | L | | S | | | K | | | | 10 G | E | V | A | L | | | S |
| 11 M | E | I | S | I | E | | R | | | | T | | I | | | | | G |
| E | | N | | G | | | Y | | | | E | | N | | 12 B | | | A |
| I | | G | | | 13 B | E | W | A | 14 K | E | R | | S | | E | | | S |
| | 15 B | E | 16 H | A | E | | E | | R | | | | I | | V | | | |
| | E | | A | | V | | | | 17 O | P | V | O | E | D | E | R | | |
| | S | | D | | I | | | | O | | | | S | | E | | | 18 H |
| | L | | 19 A | A | N | S | I | 20 E | N | | | | | | L | | | O |
| 21 G | U | N | S | | D | | | S | | 22 V | | | | 23 B | | | | F |
| | I | | S | | | | | T | | O | | | | Y | | | | D |
| | T | | 24 A | H | 25 A | S | V | E | R | O | S | | | 26 V | A | S | T | I |
| | | | | | F | | | R | | R | | 27 W | | R | | | | E |
| 28 H | E | 29 G | E | | 30 K | I | S | | | H | | O | | O | | | | N |
| | | A | | | O | | | 31 V | R | O | U | E | H | U | I | S | | A |
| 32 B | A | L | S | E | M | | | | | F | | D | | E | | | | A |
| | | G | | | 33 S | U | S | A | N | | | E | | | 34 J | A | I | R |

AP KERK NELSPRUIT

## Belydenisaflegging

Dit is met vreugde en dankbaarheid dat ons gemeente vir Shenay Grobler, Judy Landman en Janke Weideman as nuwe lidmate verwelkom. Aangesien ds. Louis Kirstein, ons leraar wat 'n beroep opgevolg het, 'n lang pad met die katkisante gestap het, het hy spesiaal gekom om die diens van 10 November 2024 waar te neem. Die gemeente en gaste het ná die diens vir 'n feestelike ete aangesit.


*Belydenisaflegging*

## Kerssangdiens

Ds. Arrie van Heerden, emerituspredikant en voormalige leraar van ons gemeente, het 'n pragtige program vir hierdie geleentheid saamgestel. Dit was 'n geseënde diens met 'n pragtige opkoms. Die gemeente het hierna heerlike vrugtelaai en roomys op die stoep geniet. Jesus Christus is Emmánuel.

## Doopgeleentheid

Ons gemeente is bevoorreg om 2025 te kon afskop met die toevoeging van 'n nuwe dooplidmaat. Estie, die vierde dogtertjie van Dian en Elmé Engelbrecht, is op 12 Januarie 2025 deur ds. Arrie van Heerden gedoop. Sy word saam met haar gesin, die seën van ons Here toegebid. Ons kinders is vir ons baie spesiaal!


*Die Engelbrecht-gesin*

Vroueaksie

**AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE**

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart truie @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709**
**E-pos: pietersburg@apkerk.co.za**

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
*Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.*

**BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL**

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**


Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**Oornagverblyf Kroonstad**

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.





# Ons vryheidsideaal en die geboorte van Israel – Dr. Pieter Mulder

**Theodor Herzl was in 1894 joernalis in Parys, Frankryk. Hy was ook 'n Jood. In hierdie tyd was daar weer debat oor die toekoms van die Jode, wat reeds byna 2 000 jaar oor die hele wêreld versprei is.**

Herzl het geglo Jode moet alles in hul vermoë doen om deel te word van die lande waar hulle woon. Assimileer, neem die taal van die land aan en word so aanvaar deur die inwoners van Frankryk, Pole, Rusland, of waar jy ook al woon.



As joernalis het Herzl die Dreyfus-verhoor in Parys gevolg. Alfred Dreyfus was 'n Jood en 'n offisier in die Franse weermag. Herzl het geglo Dreyfus het as Jood die regte ding gedoen deur by die Franse weermag aan te sluit. Dit het sy lojaliteit teenoor sy land, Frankryk, gewys.

'n Ander Franse offisier, wat nie van Jode en Dreyfus gehou het nie, het Dreyfus valslik van spioenasie beskuldig. Hy het vervalste dokumente opgestel en aan die hof voorgelê. Hoewel ander offisiere geweet het Dreyfus is totaal onskuldig, het niemand tot sy redding gekom nie. Hy is aan hoogverraad skuldig bevind. Daar is aanvaar dat hy dislojaal teenoor Frankryk was, omdat hy 'n Jood is. Sy rang is op 'n vernederende wyse gestroop en hy is tot lewenslange tronkstraf in 'n strafkolonie op 'n eiland naby Suid-Amerika gevonnis. Tydens sy verhoor het 'n groot skare voor die hof geskreeu: "Maak alle Jode dood." Ná 12 jaar het die werklike feite uitgekom en Dreyfus is onskuldig bevind en in sy vorige posisie herstel.

Hierdie gebeure, asook ander anti-Joodse betogings orals in Europa, het Herzl van standpunt laat verander. Hy skryf in 1896 in 'n pamflet, "Der Judenstaat" dat om te oorleef, Jode hulle uit Europa sal moet verwyder, omdat hulle nooit as deel van enige van hierdie lande aanvaar sal word nie. Die enigste manier om dit suksesvol te doen, is om 'n eie Joodse staat op te rig. Hy voorspel dat binne 50 jaar, so 'n suksesvolle Joodse staat tot stand kan kom.

In die volgende 50 jaar is miljoene Jode in verskillende lande vervolg, verjaag en vermoor. In 1919 woon 'n halwe persent van die 15 miljoen Jode in die wêreld in Palestina, wat later Israel sou word. Joodse leiers soos David Ben-Gurion en Golda Meir oortuig in hierdie tyd wel duisende Jode om na Israel te emigreer. In 1948, toe Israel 'n onafhanklike staat word, woon daar 800 000 Jode. Vandag het Israel 9,8 miljoen inwoners.

Vir 500 jaar het die verstrooide Jode hul tradisionele Joodse pasga-ete afgesluit met die wens: "Volgende jaar in Jerusalem." Op 14 Mei 1948 word hierdie droom 'n werklikheid toe Israel 'n onafhanklike Joodse staat word.


Golda Meir, later die eerste vroulike eerste minister van Israel, beskryf dit soos volg: "Die spanning in die saal was tasbaar. Voor in die saal, onder 'n reusefoto van Theodor Herzl, het ek my sitplek aan tafel ingeneem. Herzl, wat in 1897 presies reg voorspel het dat 'n Joodse staat binne 50 jaar moontlik is."

Toe die horlosie vieruur slaan, het Ben-Gurion hard met sy voorsittershamer op die tafel geslaan. Dit was die oomblik waarop die orkes in die galery die nuwe volkslied moes begin speel. Die orkeslede, soos almal in die saal, was so vasgevang in die grootsheid van die oomblik, dat niks gebeur het nie. Daarop het die gehoor spontaan, sonder die orkes, begin om die "Hatikvah" te sing. Die woorde, "om 'n vrye volk in ons eie land te wees", het hulle met vurige oorgawe gesing. Baie oë was nat, insluitende Golda s'n.

Ben-Gurion, wat die nuwe eerste minister sou word, het die proklamasie van onafhanklikheid hardop gelees. Die gehoor het

Vervolg op bl. 36






# Merry Christmas

**Pieta Oosthuizen**

## Onbetrokke ouers

Dis baie interessant hoe onbetrokke sommige ouers in hul kinders se lewens kan wees. Miskien is sulke ouers bloot té goedgelowig en aanvaar hulle byvoorbeeld dat Juffrou vir Boetie die regte potloodgreep sal leer, of dat Meneer vir Sussie die korrekte wiskundemetode sal leer. Pa en Ma weet Juffrou en Meneer is ook kerkmense en daarom glo hulle dat die kinders niks by die skool geleer sal word wat indruis teen die gesin se Christelike karakter, opvoeding of geloof nie. Dit is seker daaroor dat sommige ouers nie werklik omgee oor wat in hul kinders se skoolboeke aangaan nie.

So nou en dan gebeur daar egter iets wat aan die groot klok gehang word, en dán raak hierdie onbetrokke ouers gewoonlik baie gou betrokke. Watter ouer sal dan nie alles in die stryd werp ter wille van sy of haar kinders nie? Ons wil mos hê dat ons kinders, en die wêreld rondom ons, moet sien dat ons vir hulle omgee en altyd in hul beste belang optree.

## BELA

Die onlangse presidensiële ondertekening van die BELA-wet, het die spreekwoordelike kat in die duiwehok losgelaat. Die belangrikste implikasie van hierdie wetgewing is dat die nasionale Department van Onderwys voortaan self oor die voertaal van openbare skole sal besluit en nie beheerliggame nie. Dit hou verreikende implikasies vir die voortbestaan van Afrikaansmediumskole in. Dit raak nou ’n werklikheid dat Boetie en Sussie dalk een van die dae in Engels sal moet skoolgaan. Dit laat Afrikanerouers se hare rys. Dink maar hoe Afrikanerkinders dikwels met dié vreemde taal stoei. Spottenderwys word gesê dat baie Afrikaners mos net Engels uit selfverdediging praat! Ons kan ons nie indink dat ons kinders in Engels moet somme maak, van Bloedrivier leer of skeinat probeer baasraak nie.

Skielik raak onbetrokke ouers daadwerklik by die onderrig en opvoeding van hul kinders betrokke. Dit gons om braaivleisvure, want dis mos verregaande dat Boetie en Sussie nie meer in Afrikaans mag skoolgaan nie! Die topskole in die land is dan Afrikaans! Skoolhoofde word gedurende die vakansie gebel en gevra oor die implikasies van BELA vir die Afrikaansmediumskool in hul buurt waar Boetie en Sussie skoolgaan. Hoe gaan hulle keuring kry vir tersiêre studies om hul ideale te verwesenlik? Ouers laat hoor hul misnoeë hieroor op Facebook en ander sosialemediaplatforms in geen onduidelike taal nie, en dit is reg so.

## Mý voorbeeld

Ek kan egter nie help om te wonder hoekom Afrikanerouers so warm onder die kraag oor hierdie taaltoffie is nie? Is dit nie juis baie van hierdie ouers wat glad nie omgee oor die swak taalgebruik van hul kinders nie, en hulle ook nie reghelp wanneer hulle ons moedertaal deur die gebruik van Engelse woorde en uitdrukkings onteer nie? My ore tuit behoorlik wanneer veral radio-omroepers en televisie-aanbieders so gevoelloos met ons taal flankeer. Dieselfde ouers wat BELA met hand en tand beveg, whatsapp egter gereeld motiveringsboodskappe en Bybelversies in Engels vir hul vriende. Om nie te praat van die boodskappe met “Merry Christmas” en “Happy New Year” wat die afgelope feestyd tussen Afrikaanssprekendes rondgestuur is nie ... Dit is werklik ’n skokkende hoeveelheid.

Hoe lyk die bewoording onderaan u selfoon se profielfoto, of die taalgebruik by u statusboodskap?

Is dit in keurige Afrikaans? Loer u soms na u kinders se fone en help hulle reg wanneer hulle iets onnodig in Engels plaas, terwyl daar baie mooi en bekende uitdrukkings in Afrikaans is? Dit laat my ook wonder waarom Afrikaners in Engels wil kerkgaan? Die statistiek van Afrikaners wat Engelse kerkdienste bywoon en lustig in Engels die Here loof en prys, sal seker baie interessante leesstof uitmaak. Dit is ondenkbaar dat Afrikaners kerkdienste in Engels bywoon, maar ontevrede is oor die regering wat voortaan die laaste sê oor 'n skool se taalbeleid sal hê.

### Die klein taaljakkalsies

Natuurlik is dit nie verkeerd om uitstekend in Engels te kan kommunikeer nie, maar nooit ten koste van ons moedertaal, Afrikaans, nie.

Hoor wat sê een van die grootste taalstryders vir Afrikaans, CJ Langenhoven, hieroor:

> **"Om jou een eie taal tot nut te gebruik, is 'n groter kuns as om sewe vreemde tale by te leer."**

Miskien moet Afrikanerouers wat teen die BELA-wet protesteer, eers hand in eie boesem steek en die klein taaljakkalsies wat die wingerd verniel, voor die voet uitroei.

Koester ons nie dalk die adder aan ons boesem deur uit eie keuse só maklik te verengels nie? Ons gebruik vinnig die verskoning dat Engels 'n wêreldtaal is en dat ons kinders dit nodig het om sukses op die internasionale front te behaal. Dit is juis wat die HERE by Babel in Génesis 11:6 nié wou gehad het nie. *Daar is hulle nou een volk en het almal een taal!* In vers 7 tree Hy op: *Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie.* Is ons nie weer besig om die spreekwoordelike toring van Babel in 2025 te bou nie?

### Liewe Pa en Ma

- God se skepping bestaan uit verskillende volke, tale en nasies – respekteer dit.
- Ons moedertaal, Afrikaans, is 'n gawe uit God se hand – koester dit.
- Spreek u kinders aan oor swak Afrikaanse taalgebruik en die Afrikaans-Engels-mengsel wat deesdae oral opklink – dis u ouerlike plig.
- Laat u stem teen BELA hoor – dis u verantwoordelikheid.
- Loop voor met die gebruik van keurige Afrikaans – dis u voorreg.

---

«Vervolg vanaf bl. 34

## Ons vryheidsideaal en die geboorte van Israel

instemmend gesug toe hy 'n verstrooide en verbanne volk beskryf, wat nooit opgehou het om te hoop en te bid vir die terugkeer na hul eie land nie. Daar was 'n trotsheid in hul oë toe hy verklaar: "Hulle het die wildernis van hierdie land getem, hulle het hul taal laat herleef, hulle het stede en dorpe gebou ... Hulle het vrede gesoek, maar was gereed om hulleself te verdedig ... Die staat Israel sal voortaan oop wees vir die immigrasie van Jode uit alle lande waar hulle tans nog verstrooi is." Die gehoor het met oorweldigende applous reageer.

Dit het 32 minute geneem om die vryheid en onafhanklikheid van 'n volk te verklaar, wat vir 1 887 jaar onderdruk is en baie onder ander nasies gely het. "Die Staat van Israel het herrys!" het Ben-Gurion verklaar. "Die vergadering is verby!"

"Al wat ek van die ondertekening van die proklamasie kan onthou," het Golda later vertel, "was dat ek openlik so gehuil het, dat ek nie eers in staat was om die trane van my gesig af te vee nie. Toe ek gevra is waarom ek huil, het ek geantwoord: Oor die eer om hier te wees, en tweedens, omdat hier mense afwesig is wat alles vir hierdie droom opgeoffer het. Hulle is reeds dood en het 'n groter reg gehad om hier te wees as ek."

Hierdie vryheidsideaal loop soos 'n goue draad deur ons hele geskiedenis. Vanaf die Vryburgers in 1657 tot by die Groot Trek, wat tot twee vrye Boererepublieke gelei het. Toe die Boererepublieke hul vryheid in 1902 met die Tweede Vryheidsoorlog verloor, was daar 'n sestig jaar lange politieke stryd om weer ons vryheid in 'n eie republiek terug te kry. Dit het in 1961 gebeur, net om dit weer in 1994 te verloor.

Daar is tans weer twee denkstrome: Dié wat sê skakel in en assimileer, dan sal almal jou aanvaar, en dié wat steeds die vryheidsideaal nastreef. Elkeen moet self besluit waar hy of sy staan.

SMELTOOND

• *Maart 2025* • **Deur Charlotte Möller**



# Robotte – ’n “hulp”?



Melody

*En die* Here *God het die mens geformeer ... en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ’n lewende siel geword* (Gén. 2:7). *Ook het die* Here *God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n hulp maak wat by hom pas* (Gén. 2:18).

Jy hoef nie meer die TV aan te skakel om ’n robot in die hoofrol van ’n aksiefliek te sien nie. As jou beursie tot en verby R3 281 733 dik is, kan daar elke dag een bý jou wees – in “lewende” lywe!

Gedurende 2023 kondig Vivek Murthy,[1] Amerika se geneesheer-generaal aan dat die VSA midde ’n epidemie van vereensaming is. As dit waar is van Amerikaners, is dit heel waarskynlik ook waar van baie Suid-Afrikaners, en dalk die meeste mense op moeder aarde. Behalwe vereensaming, staar mense ook die krisis van “betekenis” (die sin van die lewe) in die gesig, wat verband hou met vereensaming. Dit is veral jongmense en kinders wat gebuk gaan onder die betekenis-krisis, met voortspruitende verlies aan betekenis, rigting en doel. Hulle is dan geneig om veral ’n kletsbot hul vertroueling te maak, want in hierdie “KI-berader” is daar “iemand” met wie jy al jou geheime, wanneer en waar dit jou pas, in absolute privaatheid kan deel. Dit sal jou nooit oordeel nie, nooit verneder nie – dit sal jou weer ’n doel gee om voor te leef ...

Die tegnologiemaatskappy Realbotix,[2] het die bul by die horings gepak om ook die groeiende epidemie van vereensaming aan te spreek. Die kuur: Melody, ’n lewensgrootte robot, jou skaduwee.[3] Dié “vroulike” robot is glo nie maar net nóg ’n uitvindseltjie of gereedskappie om die daaglikse lewe makliker te maak nie. Dit verteenwoordig ’n beduidende stap in die rigting om robotte te maak wat baie soos mense lyk en soos hulle kan kommunikeer. Volgens die uitvoerende hoof van Realbotix was hul hoofdoel met Melody om robotte te maak wat jy maklik saam op die langpad kan vat (dit haal vinnig uitmekaar, en word net so vinnig aanmekaargesit), en robotte wat aanpasbaar is vir verskillende vorme van persoonlike interaksie. Die fokus op robotte se aanpasbaarheid moet hulle in staat stel om byvoorbeeld van opvoedkundige hulp te wees, maar ook om sosiale ondersteuning te bied.

Melody se kommunikasie-vaardighede is verstommend! Dit kan menslike bewegings vloeiend uitvoer, oogkontak behou en voorwerpe herken, en met verskeie KI-platforms integreer. Alhoewel Melody ontwerp is om menslike ervarings deur interaksie en pret te verbeter, sal dit ook kan deelneem aan volwasse gesprekke. Realbotix sien Melody as ’n veelsydige oplossing om vereensaming aan te spreek, met potensiële toepassings op verskeie gebiede soos die onderwys, gesondheidsorg en persoonlike geselskap.

Die Skeppergod het ons *die asem van die lewe* ingeblaas. Ons het nie net liggaam geword wat “asemhaal” slegs om die verskillende organe aan die gang te hou nie. Ons liggaam is ook “mens”. Ons Maker wou nie net ’n Adam hê nie – daar moes nog ’n mens, vir hom en soos hy, gemaak word. Die behoefte aan interaksie met ander wat soos ons is, is by ons ingeskape. Ons het mense soos onsself nodig om ons lief te hê, tyd met ons te spandeer, ons te ondersteun, ons te bemoedig. En om dan dieselfde aan hulle te doen ...

Die Skeppergod het voorsien in ons behoefte aan interaksie met ander mense – familie en vriende, maar ook medegelowiges in die plaaslike kerk. Ons kerke moet plekke wees waar eensame mense welkom en geliefd voel. Ongelukkig is eensaamheid dikwels net so deel van die kerk as daarbuite. Ons sal die bande van ’n gemaksone van “ek en myself” moet breek en uitreik na veral medegelowiges, maar ook ander wat vereensaming in die gesig staar.

Nóg kletsbot, nóg robot kan ’n kuur vir vereensaming wees. Omdat “lewe” nie daarin is nie, sal enige resultaat van korte duur wees. Dit sal ons nooit ’n durende hulp kan wees nie, want dit het nie die asem van die lewe nie. 😊

---

1. https://bit.ly/4htizbA
2. https://bit.ly/4aKZMWB
3. https://fxn.ws/4aPgKDd

# Nuusweek

Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis

**'n Eksklusiewe Pretoria FM e-publikasie, met die week se jongste nuus en programinhoud.**

**NOU beskikbaar!**

**Laai dit elke Vrydag af by:**
**www.pretoriafm.co.za**

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans




**Of volg ons WhatsApp-kanaal:**

WhatsApp

**Skandeer om aan te sluit.**


Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis

Nuusweek

Laai af en deel op al jou Whatsapp-groepe

Regering van nasionale
ONTEIENING

Nuusweek
31 Januarie 2025
www.pretoriafm.co.za

Welkom by Nuusweek
Bladsy 4

Lesers sê hul sê oor RNE
Bladsy 6

2025: van Auschwitz, Gaza, Trump en DRK
Bladsy 11

ADVERTEER NOU
op Pretoria FM en in ons splinternuwe e-publikasie: Nuusweek
Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis

JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 190 • Maart 2025

# Die sterre aan die hemel is meer gehoorsaam as die mens

Het jy al ooit in die donker nag onder die sterrehemel gaan staan en gedink oor hoe klein die mens is? In vergelyking met die heelal en al sy planete, sonne en mane, is die mens nie eens 'n spikkeltjie nie. As die mens op die verste planeet van ons sonnestelsel (Neptunis) kon staan en na die aarde terugkyk, sou ons nie eens die aarde kon raaksien nie.

Ongelowige wetenskaplikes wil die mens oortuig dat alles per ongeluk ontstaan het. Hulle redeneer dat daar lewe op die aarde is, omdat die planete en sonne toevallig op die regte plek ontstaan het. Hulle dink verskillende teorieë uit om te probeer verstaan hoe lewe begin het. Die evolusie- en oerknalteorie ("Big Bang") word in skole geleer as iets waaraan niemand mag twyfel nie. 'n Teorie kan nie as die waarheid geleer word nie, want 'n teorie is slegs 'n moontlike antwoord van hoe die mens dink dinge werk. Die bewyse vir hierdie teorieë is baie swak.

Die heelal getuig van 'n Skepper wat alles mooi en versigtig beplan het. Al die planete in die heelal is op presies die regte plek geplaas om vir ons as sterre in die hemel te kan skyn. Die sterrestelsel het die mens deur die eeue gehelp om sy pad op die aarde te vind. Die sterre was gebruik om maande en tye te bepaal. Selfs die aarde is op presies die regte plek geplaas om die mens te onderhou. As die aarde 'n klein bietjie nader

of verder van die son af was, sou die mens nie op die aarde kon woon nie. Die aarde bevat alles wat die mens nodig het om te oorleef. Daar is waterbronne en kossoorte wat die mens versadig. Die berge en valleie, die see en die oop vlaktes, is bewyse van die Here se handewerk.

God het elke ding in die heelal met ’n belangrike doel geskape: Om Hom te dien! In Psalm 19:1 lees ons: *Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.* Die mens moet elke dag wat hy op hierdie aarde is, die Here dien. Dit is die doel waarvoor hy geskep is. As God se skepsels moet ons aan almal vertel dat die aarde nie per ongeluk ontstaan het nie, maar die werk van God se vingers is (vgl. Ps. 8:4).

Ongelukkig is dit nie wat die mens doen nie. Deesdae ontken baie mense dat God die Skepper is. In plaas daarvan dat die mens die Skepper aanbid en eer, aanbid en eer die mens eerder die skepping self.

**Psalm 19 sê dat selfs die sterre in die hemel meer gehoorsaam as die mens is. Die sterre van die hemel getuig elke dag van die grootheid van God. Die sterre het geen stem of klank nie, maar is so mooi dat die mens wat dit sien, voor die Skepper daarvan wil buig en Hom aanbid. Selfs die son doen wat van hom gevra word.**

Elke dag kom die son van agter die horison op, om die aarde warm te maak sodat alles kan leef en groei. Aan die einde van elke dag sak die son weg, om aan die mens rus te skenk. Ook die maan luister na die opdrag van die Here om te skyn as lig in die duisternis. Laat ons leer uit die skepping en doen wat God van ons vra.

Het jy al ooit in die donker nag onder die sterrehemel gaan staan en gedink oor hoe groot God is? Hy is baie groter en wonderliker as enigeen van die planete, sonne of mane wat Hy gemaak het.

Groete, ds. Emilé

**En God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte ... (Gén. 1:25a)**



# Was Jurassic Park se dinosourusse rêrig?






Baie kinders raak opgewonde wanneer hulle dinosourusse in films sien. Maar hulle is nie net in films nie! 'n Mens kry dinosourus-speelgoed, -maskers, -kostuumpakke en selfs dinosourus-koeke! Jy het daarom seker al gewonder of dinosourusse regtige diere was, want nie jy, of een van jou maats, of jou pa of ma, of jou oupa of ouma, het al 'n lewende een gesien nie!

Dinosourusse hét bestaan, want hul bene is al regoor die wêreld gekry. Een van hulle, T-Rex (*Tyrannosaurus rex*), was regtig yslik groot. Hy was amper 4 m hoog en 12,5 m lank.[1] Afrika-olifante is die grootste landdiere en 'n olifantbul is omtrent 3,2 m hoog en 6-7 m lank. Bene van kleiner dinosourusse is ook al gekry.

As niemand vandag al 'n lewende dinosourus gesien het nie, wanneer het hulle dan geleef? Daar is mense (ons noem hulle "evolusioniste") wat sê dat dinosourusse miljoene jare gelede geleef het, en dat hulle uitgesterf het voordat God vir Adam en Eva geskape het. Dit is 'n vreeslike groot leuen! God het die hemel en die aarde en al die diere in ses dae geskape, presies soos ons dae vandag is. Daar is mos 24 uur in 'n dag en die skeppingsdae was ook 24 uur lank. Ons lees in die boek Génesis, wat

1. https://bit.ly/3WQfV7s

“begin” beteken, dat God die landdiere en die mens op die sesde dag geskape het (lees Gén. 1:24-27). Dinosourusse is dus saam met Adam en Eva op die sesde dag geskape en hulle het gedurende dieselfde tyd geleef.

Evolusioniste sê ook dat die aarde miljoene, en die mens, duisende jare oud is. Dit is nog ’n vreeslike groot leuen! Weet jy wat ’n geslagsregister is? Dit is ’n lys waar mense se name, met die datum waarop hulle gebore en gesterf het, opgeteken is. Jy kan die eerste geslagsregister in Génesis 5 lees. As ons al die geslagsregisters tot by Jesus se geboorte lees, kan ons maklik uitwerk dat die aarde omtrent 6 000 jaar oud is. Dit beteken dat Adam en Eva, en dinosourusse, omtrent 6 000 jaar gelede geleef het.

**Waar is die dinosourusse dan vandag, as mense dan nog bestaan? Nadat Adam en Eva gesondig het, was die wêreld nie meer so goed soos wat God dit gemaak het nie. Die HERE het ’n groot watervloed gebruik om al die sondige mense dood te maak. Net Noag en sy gesin is gered, en natuurlik die landdiere en die voëls. Die waterdiere sou in die vloedwaters kon oorleef. Dinosourusse was ook saam met Noag in die ark.**

Nadat die water opgedroog het, het Noag en al die diere uit die ark uitgegaan en weer oor die aarde versprei.

Jy weet seker dat daar vandag baie min van die swartrenoster in die wêreld oor is en dat hulle dalk heeltemal kan uitsterf. Ons noem sulke diere “bedreigde diere”. Dieselfde kon met die dinosourusse gebeur het. Mense het hulle dalk gejag, omdat hulle groot en dalk gevaarlik was. Of ander diere het hulle dalk doodgemaak. Of een of ander siekte het hulle dalk uitgewis. Ons weet nie waarom hulle nie meer vandag op die aarde is nie. Ons weet egter dat hulle in Adam en Eva se tyd, en ná Noag, wel bestaan het.

# Die skat in die hemel

Ons bestee al ons tyd, aandag en krag aan dinge wat ons bymekaar maak, wat dit ookal mag wees. Maar ons moet versigtig wees en weerstand bied teen die geldwolf, “want geldgierigheid is ’n wortel van allerlei kwaad.” Ons moet daardie ewige dinge wat nooit kan vervaag, verdwyn of verminder nie, baie hoër ag as die aardse dinge. (Bybel in Praktyk)

*Opgestel deur Daleen Pienaar*

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K | W | A | A | D | G | S | A | A | N | H | A | N | G | Q |
| L | E | N | G | T | E | R | H | E | M | E | L | G | V | L |
| D | M | L | N | O | Z | V | O | E | D | S | E | L | E | L |
| O | A | R | R | G | E | G | O | O | I | B | V | W | R | B |
| N | O | A | V | O | E | L | S | J | T | V | K | O | A | E |
| K | O | O | N | D | T | V | E | R | L | I | G | N | G | K |
| E | B | E | O | T | X | S | A | S | K | A | T | T | E | L |
| R | H | L | D | N | R | H | M | T | M | G | H | E | R | E |
| K | E | E | I | I | N | E | E | E | G | A | R | A | R | E |
| L | I | L | G | Q | E | D | K | E | E | B | M | O | A | D |
| E | D | I | E | N | R | W | T | L | N | T | I | M | E | T |
| R | E | E | L | A | R | B | E | I | O | W | V | G | O | I |
| E | N | S | A | L | O | M | O | Q | E | L | A | M | P | N |
| V | E | R | N | I | E | L | O | O | G | D | R | I | N | K |
| N | I | E | M | A | N | D | T | T | Y | F | S | P | I | N |

Antwoorde

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Aanhang | Donker | Groot | Kwaad | Niemand | Spin |
| Aantrek | Drink | Haat | Kwel | Nodig | Steel |
| Aarde | Eet | Hart | Lamp | Oog | Verag |
| Arbei | Gegooi | Heidene | Lelies | Oond | Verlig |
| Bekleed | Genoeg | Hemel | Lengte | Roes | Verniel |
| Dien | God | Inbreek | Mammon | Salomo | Voedsel |
| Diewe | Groei | Klere | Mot | Skatte | Voëls |



Danelle Venter[1]

# DIE UITSPANSEL VERKONDIG DIE WERK VAN GOD SE HANDE

Het jy al ooit gewonder waarom die Here so ’n groot uitspansel gemaak het? Daar word beweer dat daar ongeveer 1 triljoen sterre vir elke persoon op aarde is en daar is meer as 8 miljard mense op aarde. Ons leef in ’n groot uitspansel wat bestaan uit sterrestelsels, komete, planete, mane en soveel meer. Een van die grootste sterre, Betelgeuse, het 600 keer die deursnee van ons son. Al hierdie pragtige dinge in die skepping en al die sterre in die hemel, laat ons wonder: Waarom so ’n groot hemelruim?

Deesdae is daar baie wetenskaplikes wat probeer om hierdie vraag te beantwoord. Teorieë soos die oerknalteorie (“Big Bang”) en die evolusieteorie is uitgedink om mense te oortuig dat die skepping sonder ’n Skepper ontstaan het. Dit is belangrik dat elke Christen hierdie bewerings aan die Woord van God meet, en dat Christene by die waarhede van die Skrif sal staan. As Christene glo ons dat God die Skepper van hemel en aarde is.

Hierdie geloof bring vir die kind van God ’n paar belangrike vrae:

### Hoe beantwoord ek ’n vraestel oor evolusie?

’n Christen moet eerstens met die Skrif gewapen wees. In ’n oorlog help dit nie ’n soldaat gaan veg sonder voorbereiding en die nodige toerusting nie. Dieselfde is waar van elke Christen. Dit is belangrik dat jy geoefen is in die waarhede van die Bybel. Ons moet ons Bybel ken sodat ons vreemde idees, bewerings en opposisie daaruit kan beantwoord.

Wanneer dit kom by die beantwoording van vrae oor evolusie in vraestelle, is dit belangrik om as Christen ook jou geloof te bely. Ons raad is: Beantwoord die vraag soos dit in jou handboek gegee word. Daarna kan jy ook die Bybel se antwoord byvoeg: “Ons glo die Skeppergod het die wêreld gemaak.” Skryf aan die einde van die vraag dat dít die waarheid is waarin jy glo. Jy kan ook die vraag antwoord deur jou van die inhoud te distansieer

sonder om verkeerd te antwoord, byvoorbeeld: Volgens die evolusieteorie ... Of: Voorstanders van die oerknalteorie beweer dat ... Deur só te antwoord, maak jy dit duidelik dat dit húl standpunt is, maar nie noodwendig jou persoonlike standpunt nie.

### Was daar werklik dinosourusse?

Ja, dinosourusse het werklik op die aarde geloop. Daar is bewyse daarvoor: fossiele, opgrawings van bene, sagte weefsel in dinosourusbene en -voetspore.

**Die Bybel sê duidelik dat God sy skepping in ses dae voltooi het. Dit sluit in al die voëls van die hemel, visse van die see en diere wat op die aarde loop (vgl. Gén. 1:1-2:25). Dinosourusse is saam met die landdiere op die sesde dag gemaak.**

Wat het dan van die dinosourusse geword? Daar is baie Christelike geleerdes wat verduidelik dat die aarde ongeveer 6 000 jaar oud is en dat die meeste dinosourusse met die groot vloed in Génesis 6 (ongeveer 4 300 v.C.) begrawe is.[2] Dit is waarom daar bene en fossiele van dinosourusse regoor die wêreld te vinde is. Hulle verduidelik verder dat dinosourusse met tyd uitgesterf het weens verskillende faktore, soos klimaatsverandering en verskillende menslike aktiwiteite.

### Hulpbronne teen die evolusieleer

Daar is verskeie goeie bronne wat die evolusieleer verkeerd bewys. Die eerste bron is die Bybel. Die Bybel is die geïnspireerde Woord van God. Daar is talle bewyse teen die evolusieleer in die Bybel (lees Gén. 1-11).

Daar is verskeie organisasies wat vanuit die Bybel en wetenskap die evolusieleer verkeerd bewys: Answers in Genesis, Creation Ministries, Living Waters, Institute for Creation Research, The Christian Apologetics and Research Ministry.[3] Hierdie organisasies gee goeie antwoorde op baie vrae wat gelowiges oor verskillende onderwerpe soos evolusie, die skepping, dinosourusse, ensovoorts, mag hê.

### Slot

Die Here het 'n belangrike werk en doel met sy uitspansel. Waarom het die Here so 'n groot uitspansel gemaak? Tot eer van sy Naam.

---

1. Onderwysstudent en kleuterskoolassistent, Kathu.
2. https://answersingenesis.org
3. https://zastore.creation.com
   https://livingwaters.com
   https://www.icr.org
   https://carm.org